UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
28 MAY 1982
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXVIII Nr. 4

DONDERDAG, 29 APRIL 1982

# Ná dekades nog 'onwettig'



HOOPVOLLE plakkers verskaf besonderhede . . .

DIE netelige plakkerskwessie was verlede maand weer op die voorgrond toe 'n groep 'onwettige' swartes die St Georges-katedraal in Kaapstad beset het. Die 54 mense het "as laaste uitweg om van ons haglike omstandighede te ontsnap", hul toevlug tot die kerk geneem om vir 24 dae te vas.

'n Groep Stellenbosse studente het ná die vasperiode die plakkers by die Holy Cross-kerk in Nyanga besoek om hul van die ware feite te vergewis. Die besoek is deur POLSTU-Stellenbosch gereël.

Die swartmense het openhartig gesels oor hul situasie en hul drastiese optrede verduidelik. Volgens hul segsman, mnr. Theophilus Tayo, het hul om godsdienstige redes besluit op 'n eetstaking en was die besluit nie polities-geïnspireerd nie. As laaste uitweg het hulle in die katedraal saamgetrek om "te vas en te bid vir God se genade en beskikking oor ons lot."

Volgens 'n opname van die Black Sash was 72% van dié plakkers langer as tien jaar in die Skiereiland, en 24% langer as vyf jaar. Die 54 persone is saam 252 keer vanweë hulle 'onwettigheid' gearresteer, wat 'n gemiddeld van amper vyf keer elk verteenwoordig. Een man is vyftien keer gevang en het elke keer tronkstraf uitgedien (gewoonlik 60 dae op 'n slag). 'n Ander is al 26 keer sedert 1964 gearresteer en het 25 keer boetes betaal.

Drie weke na die begin van die eetstaking is daar daadwerklike aandag gegee aan die "katedraalplakkers" se vertoë. Deur die bemiddeling van die NG-Kerk en die WP-Raad van Kerke is samesprekinge met die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, dr. Piet Koornhof, gehou.

Die plakkers het daarop die Katedraal verlaat met die versekering dat hulle in die daaropvolgende drie weke nie vervolg sou word nie.

Hierdie datum is intussen verskuif na 21 Mei. Dr. Koornhof het verklaar dat die mense nie die versekering van permanente verblyfregte gegee kan word nie en beklemtoon dat almal nie in die Kaap kan bly nie.

Op 'n vraag oor hul toekoms antwoord mnr. Tayo: "Ons kan nie na die tuislande teruggaan nie; 'n mens kan nie op 'n plek bly waar daar geen werk is nie, 'n plek waar mens mens doodgaan van honger nie."



. . . aan amptenare van die Administrasieraad.

FOTO: THE ARGUS

# 'Banned because of success'

JOHANNESBURG — Recently an order for the banning of *SASPU-National*, one of the main publications of the South African Student Press Union, was given by the State.

In response to the banning the executive of SASPU released the following press statement:

"After five and a half months in solitary confinement, Keith Coleman and Clive van Heerden, co-editors of *SASPU-National*, were banned for two years. *SASPU-National* itself has been banned for all future editions. Members of the Student Press Union have been angered by these actions and by the banning of five other people.

"We are also disturbed by the inadequate response of the commercial press. For example, in Johannesburg only two small news items and a brief editorial reference appeared. This after a call by the editors for newspapers to unite following the Steyn Commission proposals.

"Why did the State see the need to ban *SASPU-National* and its editors? It was providing an alternative to the strict control of ideas which is maintained by the State and which is necessary for its survival.

"The newspaper focussed on issues such as labour, women, health, resettlement, living and working conditions of the majority of the South Africans. It did this successfully, and therefore had to be banned."



INKOMTYE! Koshuislakens (regs) was nog altyd goed genoeg om mee uit te kom. Maar moet 'n mens daartoe gedwing word?

## BAIE PLEKKE OOP:

# Waar is die dames heen?

'n GERUG doen die rondte dat daar nog tot 'n honderd plekke in dameskoshuise beskikbaar is. Geen uitsluitsel hieroor kon by Administrasie verkry word nie.

**Volgens mnr. A.J. Basson van die losiesafdeling van Administrasie word daar nou ondersoek ingestel na die redes waarom dameskoshuise blykbaar besig is om leeg te loop. Hy wou geen getalle op hierdie stadium verskaf nie.**

Verskeie dameskoshuise is genader en dit wil voorkom asof daar wel 'n groot aantal vakatures beskikbaar is. In 'n poging om ruimte meer prakties te benut, word verskeie dubbelkamers as enkelkamers gebruik. 'n Dubbelkamertarief (goedkoper as 'n enkelkamer s'n) word oor die algemeen vir hierdie nuwe 'enkelkamers' gehef.

Koshuise waarin daar dubbelkamers as enkelkamers gebruik word, is onder andere Sonop, Serruria, Minerva, Huis-ten-Bosch en Monica. Kleiner koshuise soos Lydia, Irene en Heemstede is daarenteen vol.

Die Rektor, prof. Mike de Vries, het in 'n onderhoud met die SAUK gesê dat die oorheersende rede vir die afname van dames in koshuise, die vermindering in die inskrywings van die eerstejaardames vanjaar was.

Volgens die primaria van Minerva, Yvonne Paquay, is die hoë losiespryse in koshuise 'n waarskynlike rede. "Heelwat dames gaan uit koshuise omdat hulle meen dat hulle goedkoper privaat kan loseer."

Een van die huismoeders het die huidige ekonomiese resessie en gebrek aan geld as rede aangevoer. In aansluiting hierby het 'n verteenwoordiger van die Universiteit die opmerking gemaak dat dit 'n luuksheid is om dames universiteit toe te stuur. "Hulle is die eerste groep wat teruggehou word wanneer die gordel stywer getrek moet word."

Dit lyk of die grootste bron van ontevredenheid in die koshuise, koshuisreëls is. Die meeste dames wat privaat bly wat deur *Die Matie* hieroor genader is, het dit ook as 'n rede genoem.



STEPHANIE BAARD . . . reëls maak koshuise onaantreklik.

'n Belangrike aspek hiervan is die reëls in verband met inkomtye. Die eerstejaars voel dat die inkomtye wat op hulle van toepassing is, onredelik streng is. Daar is aangevoer dat die feit dat hulle in die somer om 8 nm. en in die winter om 7.30 nm. in moet wees, hulle verhoed om op 'n sinvolle wyse aan buitemuurse aktiwiteite — sport en sokkies uitgesonder — deel te neem.

Die meeste verenigings, soos SAAK, POLSTU en die Filmvereniging, hou hulle vergaderings in die aande. Eerstejaars kan dit dikwels nie bywoon nie — hulle word net een aand uit "vir akademiese byeenkomste" toegelaat. As gevolg hiervan voel baie dames dat hulle 'n agterstand op die mans, wat sulke geleenthede kan bywoon, het.

Alhoewel daar eerstejaars is wat die verduideliking van dié reëls, nl. dat dit vir hulle eie beswil is, aanvaar, ontken die meeste dat hulle daardie 'beskerming' nodig het.

Ander probleme met die reëls wat genoem is, is die verbod op dames om manstudente in hulle kamers te ontvang en die starre voorskrif dat daar nie langbroeke na Sondagetes gedra mag word nie.

Stephanie Baard, Nemesia se primaria, som die klaarblyklike mening van die meeste dames op: "Sommige reëls is nodig vir dissipline, maar van die reëls is op ou strukture gebaseer wat nie meer vandag van toepassing is nie. Reëls is definitief 'n oorsaak daarvan dat dames koshuise verlaat."

# Radio Matie terug in splinternuwe baadjie

STELLENBOSCH se bekende radiostasie het die afgelope Aprilvakansie 'n verjongingskuur ondergaan wat selfs diegene wat daarvoor verantwoordelik was, verbaas gelaat het.

Volgens mnr. Hendrik Verwoerd, SR-lid vir Radio Matie, het die radiostasie die afgelope agt maande gebuk gegaan onder tegniese probleme, wat hoofsaaklik die gevolg was van die agteruitgang van die uitsaai-apparaat.

"Dit was die afgelope maand of wat só erg dat die mikrofoon en twee kassetspelers glad nie gebruik kon word nie," het die stasie se Direkteur, Anton Smith, gesê.

"Die probleem was egter dat die toerusting wat destyds geïnstalleer is nie ontwerp is om die werklas te dra wat later daarvan vereis is nie," sê Hendrik. Die uitsaaityd is van die oorspronklike vyf uur per dag na agt en 'n half uur uitgebrei, die omroeperspersoneel het groter geword, advertensie-eise hoër, en saam met die diens na Tygerberg het dit alles veroorsaak dat baie meer werk deur die toerusting gedoen moes word.

Met 'n lening van R5000 van die Universiteit is nuwe toerusting aangekoop, en gedurende die April-vakansie geïnstalleer.

Anton is baie positief oor die toekoms: "Ons kan nou 'n beter kwaliteit klank aan Neelsie en die koshuise lewer, 'n beter diens aan adverteerders, groter nuusdekking van kampusgebeure en 'n meer uitgebreide programverskeidenheid."

NEXT ATTRACTION

KNOCKDOWN

WATCH THIS SPACE



WHERE have all the people gone? Has the C.P. taken them one by one?

## *NP STUDENT BRANCH:*

# 'Coloured solution does not endanger whites'

"SOUTH AFRICA is as much the fatherland of the Coloured people as it is of the White people", stated the Minister of Law and Order, Mr Louis le Grange, at a recent meeting of the National Party student branch.

Mr Le Grange explained the National Party's interpretation of power sharing, saying it differed from that of the Progressive Federal Party and was based on the 1977 constitutional proposals.

He ruled out the idea of a homeland for the Coloureds and explained some of the consitutional mechanisms embodied in the 1977 proposals, demonstrating that they did not endanger the position of the Whites. Mr Le Grange would not elaborate on the reasons for the National Party's original removal of the Coloureds from central goverment. He refrained from it by saying the reasons were common knowledge.

Covering a wide range of topics, Mr Le Grange spoke at length about the forces arrayed against South Africa. Illustrating the military threat, he said there were already an estimated 3000 trained terrorists in neighbouring states who were well equipped by the Communist block. The ever present threat of sanctions, the decline in gold earnings and the increasing incidence of industrial action all posed problems for the country.

The right wing group which broke away from the National Party was scathingly critisized by Mr Le Grange, who attacked the group for "affording the luxury of creating a new party when the country faced a critical period."

# Eendrag word mondig met groot reünie

DIE manskoshuis Eendrag is vanjaar 21 jaar oud en het die naweek van 2 tot 4 April die geleentheid gevier. Oud-Eendragters het van regoor die land saamgetrek, eendragtig bymekaar om weer die verlede te herleef.

Eendrag staan vandag op wat eens die uithoek van die kampus was. Die koshuis is op die ou hokkievelde van die Universiteit aangelê. Teen Januarie 1961 was die kombuis en die oostelike deel voltooi, sodat 'n groep studente reeds kon intrek. Prof. Charles Fensham, hoof van die Departement Semitiese tale, was die eerste inwonende hoof. Prof. Bun Booyens het hom in 1965 as inwonende hoof opgevolg. Oom Bun, soos hy onder die Eendragters bekend is, was sewentien jaar lank inwonende hoof van Eendrag tot en met sy uittrede in 1981. Hy is opgevolg deur dr. Jannie Malan van die Fakuleite van Opvoedkunde.

Gedurende die afgelope een-en-twintig jaar het Eendrag gegroei tot 'n jong reus wat diep spore getrap het op alle gebiede van die studentelewe.

Die mondigwording van Eendrag is gevier met 'n groot reünie. Naastenby tweehonderd oud-Eendragters het by die geleentheid opgedaag. Onder hulle was Koos Koen, wat die eerste inwoner in Eendrag was. Piet Naudè en Pieter Hurter, twee van die vier Studenteraadsvoorsitters wat Eendrag opgelewer het, was ook teenwoordig. Ander bekendes by die geleentheid was die Springbok-kanovaarder, Sunley Uys, asook Anton van Niekerk, een van Eendrag se drie kanseliersmedaljewenners.

Die manne is onder meer met 'n osbraai, 'n toer deur die kampus en met rugbywedstryde teen huidige Eendragters getrakteer. Die spoggeleentheid van die naweek was die dinee-dansparty wat die Saterdagaand gehou is. Die geleentheid is deur vierhonderd mense bygewoon. Volgens prof. Booyens was dié geleentheid verteenwoordigend van die allerbeste wat in Suid-Afrika aangebied kan word.

Die reünie is Sondag afgesluit met 'n godsdiensoefening in die koshuis en 'n middagete.



'n OS is tydens die feesvieringe gebraai.



SAKRO het vir jonk en oud iets gebied, soos uit die foto blyk.

# *Rekenaarfundi's byeen op Stellenbosch vir eerste kongres*

SARKO, die eerste nasionale kongres oor rekenaars in die onderwys, is van 13–16 April in die Langenhovenstudente-sentrum gehou. Die doel van die kongres was om aan al die betrokkenes die kans te gee om bymekaar te kom en die uiteenlopende spesifieke vakgebiede te bespreek en kennis te maak met die beskikbare apparate.

Die kongres is deur prof. Walter Claasen van die departement Semitiese Tale gereël.

Dit is deur verteenwoordigers van skole, universiteite en die privaatsektor bygewoon. Kongresgangers kon die volle kursus bywoon of slegs vir een dag inskryf. Tydens die kongres is 'n uitstalling van hoogstaande gehalte in die Gat gehou. Studente kan hier gaan uitsoek watter stelsels in hulle kraam sou pas. Die negeen-twintig uitstallings het gewissel van gewone huisrekenaars tot die groot mini-rekenaarstelsel ter waarde van 'n half miljoen rand wat op die Randse Paasskou ten toon gestel is. Die *Pluto*-stelsel, die mees gevorderde rekenaaronderrigsisteem ter wêreld, was ook op die uitstalling te sien.

Die kongres is deur verskeie buitelanders bygewoon. Onder hulle was proff. J. Bitzer van die Universiteit van Illionois en Fred Hofstetter van die Universiteit van Delaware. Prof. Britzer het die *Plato*-stelsel van nuuts af ontwikkel tot die gevorderde stelsel wat dit vandag is. Prof. Hofstetter is die hoof van rekenaargesteunde onderrig van die universiteit van Delaware.

Die terugvoering wat ontvang is dui daarop dat die kongres 'n groot sukses was. Soortgelyke kongresse waardeur rekenaarondersteunde onderwys veld kan wen, word in die vooruit sig gestel.

# *Beloning wag vir Maties wat nie apaties is*

DIE ondersoek na kulturele bydrae as bykomende kriterium is onlangs geloods deur die kleurekomitee na aanleiding van aanbevelings deur oud-SR-lede, sowel as deur die Rektor, prof. Mike de Vries.

Die ondersoek behels die moontlike toekennings van akademiese kleure en kleure vir kulturele bydraes aan studente.

Tentatiewe voorstelle in verband met laasgenoemde toekenning lui soos volg: Dat daar geleentheid gebied word vir 'n sekere aantal toekennings per jaar aan studente wat besondere bydraes op kultuele gebied gelewer het. Akademiese prestasie word ook in ag geneem, maar is nie die deurslaggewende faktor nie. Net ingeskrewe studente aan die universiteit van Stellenbosch wat in hul vierde akademiese jaar is, word in aanmerking geneem.

Voorstelle moet onderteken wees deur minstens twee Studenteraadslede en twee ander studente en daarby moet aangeheg word 'n skriftelike uiteensetting van:

1) die persoon se plek in, en betekenis vir die Studente-unie.
2) sy karakter.
3) sy akademiese prestasies en
4) sy sportprestasies.

Voorstelle kan gerig word aan:

Mej. T. Middelton
SR Kantoor
Stellenbosch

Die sluitingsdatum vir die indiening van voorstelle vir Erekleure is Dinsdag 1 Junie 1982.

# Eerstejaar redeneer oor troetelklip

"DIE troetelklip is die troeteldier van die toekoms; Die inkomtye vir eerstejaarsdames in koshuise is belaglik; Suid-Afrikaners is nie genoeg besoedelingsbewus nie."

Bogenoemde is onderwerpe wat aangeroer is tydens die eerstejaarsredenaarskompetisie wat op 24 Maart gehou is. M. Taljaard van Dagbreek het die kompetisie gewen. Sy onderwerp het gehandel oor 'n eerstejaar se lewe op universiteit. Oriëntering van eerstejaars was die onderwerp van C. Erasmus van Huis-en-Bosch, wat tweede gekom het. Derde was S. Cilliè van Irene wat oor Troetelklippe gepraat het.

Die standaard van die toesprake was oor die algemeen hoog. Dit was opvallend dat politieke toesprake nie so gewild was by die gehoor en die beoordelaars as ander aktuele onderwerpe nie.


# KYK NET HIERDIE PRYSE!

**PENTAX**
K1000 met f2 lens R223-00
ME Super met f2 R356-00

**MINOLTA**
XG-M met f2 lens R368

**NIKON**
EM met f1.8E lens R289-00
FM met f1.8E lens R399-00
FE met f1.8E lens R543-00

**CANON**
AE-1 met f1.8 lens R398-00
A-1 met f1.8 lens R617-00

**CONTAX**
RTS met f1.7T* lens R765-00
139Q met f1.7T* lens R565-00

**OLYMPUS**
OM 10 met f1.8 lens R375-00
OM 1 met f1.8 lens R409-00

AVB Eksklusief: Voeg asb. 5% AVB by bestelling

**HOE KRY ONS DIT REG?**

U persoonlike bestelling word direk vanuit die buiteland ingevoer. Ons spesiale snelinvoere verseker dat u u bestelling vinnig ontvang. Die **sperdatum** vir hierdie aanbod is **15 MEI.** Alle bestellings sal binne drie weke ná bg. sperdatum per versekerde pos afgelewer word.

**WAARBORG:**
- Alle goedere is splinternuut en onder vervaardigerswaarborg.
- As u om enige geldige rede ontevrede is met die goedere, sal ALPHA KAMERA u ten volle daarvoor vergoed by teruglewering binne vyf dae na ontvangs.
- 'n Kwitansie sal aan u uitgereik word by ontvangs van u bestelling.

STUUR U BESTELLING (vergesel van die regte bedrag) AAN:

**ALPHA KAMERA**
POSBESTELLINGSDIENS
Posbus 420 **Tel: 9033201**
KUILSRIVIER 7580

## Konserwatiewe takke versprei in Pretoria

PRETORIA – Twee studentetakke van die Konserwatiewe Party van Suid-Afrika is onlangs by koshuise aan die Universiteit van Pretoria gestig.

Op Donderdag, 16 Maart, twee dae voor die amptelike stigting van die Konserwatiewe Party, is die Andries Treurnicht-tak van dié party gestig by die Sonopmanskoshuis. Die stigtingsvergadering is toegespreek deur adv. Tom Langley, LV vir Waterkloof. Hierdie tak bestaan uit agt lede. Drie lede van Sonop se NP-tak, waarvan hul voormalige voorsitter, André Bartlett wat ook een is, het hul by die nuwe party geskaar. Verder het bykans vyf en sewentig inwoners van hierdie koshuis registrasievorms vir die Konserwatiewe Party ingevul.

### TAAIBOS

Die Taaibos-tak van hierdie party is op Maandag, 22 Maart gestig. Die ledetal is vyftig. Een bestuurslid van die NP het ook aangesluit. Alhoewel die NP-voorsitter uit die NP bedank het, het hy nie aangesluit by die nuwe Konserwatiewe Party nie. Drie van Taaibos se HK-lede het hul by hierdie nuwe party geskaar.

## Kovsie bel kampus aan die brand

BLOEMFONTEIN – 'n Kovsie met 'n goeie humorsin en 'n verouderde almanak het die Bloemfonteinkampus op hol gehad.

Dit was te laat vir joolreklamesette en ook nie tyd vir 1 April-grappe nie, maar op Maandag, 15 Maart het iemand sy hand aan die telefoon geslaan en amok gemaak.

Elke koshuis is in kennis gestel dat die hele huiskomitee om 15h00 in mnr. Van der Watt se kantoor by die administrasiegebou moes wees.

Die persoon wat gebel het, het vertel dat die vergadering in verband met die sluiting van die koshuis is!

'n Verbysterde mnr. Van der Watt het gedink sy oë bedrieg hom toe 'n verwarde en paniekerige Kovsiemassa op hom afstorm. Nadat almal gekalmeer is, moes die HK-lede hoor dat hy geen sodanige boodskap die wêreld ingestuur het nie. Mompelende en kopskuddende primarii, primariae en ander huiskomiteelede moes maar die aftog blaas.



MIN. F.W. de Klerk spreek die Tukkies toe in antwoord op dr. A.P. Treurnicht se toespraak.

## Blanke parke taboe vir swartes

PRETORIA – In 'n brief aan die Perdeby, Tukkies se Studentekoerant, het mnr. Gerdus van Wyk geskryf dat swartmense nie in blanke parke toegelaat behoort te word nie.

As motivering hiervoor het hy geskryf dat die swartes die parke met rommel bestrooi en dit terwyl die parke met die blankes se geld gebou is. Hy het aangevoer dat 'n dame liewer 'n draai om 'n park stap weens die gevaar van aanranding.

Verder het mnr. Van Wyk geskryf dat die broodjie-argument, naamlik dat swartmense wel êrens geriewe moet hê, net nie water hou nie. Die werkgewers kan mos self hierdie geriewe verskaf. Volgens hom moet die blanke gebiede so onaantreklik moontlik gemaak word vir die swartmense.

## Identiteit gesoek op Wits

JOHANNESBURG – Sekuriteitsmaatreëls is onlangs op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand verskerp.

### VERGADERING

Enige persoon wat voortaan op Wits se kampus 'n politieke vergadering wil bywoon, sal 'n identiteitskaart moet toon. Hierdie reël geld ook vir sprekers, voorsitters van vergaderings en ander besoekers. Die toepassing van hierdie reël het al veroorsaak dat die hoofverslaggewer van The Sowetan toegang tot 'n vergadering geweier is. Verder kan studente aan hierdie kampus te enige tyd gevra word om hul identiteitsdokumente te toon. Persone wat nie identiteitskaarte het nie, kan by die registrateur so 'n kaart kry.

## Min. F.W. de Klerk:

# *SA - jeug moet negatiwisme los*

PRETORIA – "Ek vra u as die jeug van Suid-Afrika, kom ons verset ons teen negàtiwisme. Kom ons hou ons besig met die vraag: wat kán en wat móét ons doen om ons situasie, wat roep om 'n oplossing, suksesvol te hanteer en nie aan te hou vra vir waarborge nie?"

Dit was die oproep wat min. F.W. de Klerk, nuwe leier van die NP in Transvaal, aan 1500 Tukkies gerig her. Hy was die spreker op 'n Forum-byeenkoms in dieselfde Aula waar dr. A.P. Treurnicht twee weke gelede 4000 studente toegespreek het.

Min. De Klerk het verwys na die huidige woordewisseling oor die betekenis van die term magsdeling en gesê dat die verskille nie verhef moet word tot 'n beginselstryd nie. Sy verklaring van die term was teenstrydig met dié van dr. Treurnicht.

Volgens die minister beklemtoon die NP-beleid die staatsregtelike betekenis van magsdeling en sal die NP voortgaan om sy vorm van medeseggenskap in besluitneming oor gemeenskaplike sake medeverantwoordelikheid te noem. Hy het ook die PFP-interpretasie van die term, naamlik 'n geïntegreerde politieke sisteem, verwerp.

Min. De Klerk het afsonderlike ontwikkeling beklemtoon. Volgens 'n woordvoerder van Tukkies is daar oor die kwessie van die politieke regte van die Kleurlinge en Indiërs geen duidelikheid verkry nie. Die minister het die studente gerusgestel dat die NP steeds die konserwatiewe party is. Hy het voorts gesê dat die term selfbeskikking op afsonderlike ontwikkeling van eie politieke regte dui.

Op die vraag waarom die onafhanklike LV's nie die kans gegun is om hulle saak by hulle afdelingsbesture te stel nie, het min. De Klerk geantwoord dat dit nie NP-beleid is om een platform met opposisielede te deel nie.

Mnr. Hans Oosthuizen, voorsitter van die UP se SR, het gevoel dat dr. Treurnicht sy gehoor beter as min. De Klerk gehanteer het. Volgens mnr. André Bartlett, ondervoorsitter van die ASB, was daar egter geweldig baie steun vir dr. Treurnicht op sy vergadering.



VOLGENS berigte in die Upen het UPE se jooloptog nie veel om die lyf gehad nie . . .

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

RISIKOBESTUURPROGRAM

*DOELWIT VIR 1982 :*
*NOODPLAN VIR DIE UNIVERSITEIT*



*is u al betrokke?*

*u deelname waarborg u eie gemoedsrus!*

*onthou - 'n ramp soek nie sy slagoffer uit nie!*

gee u volle samewerking aan die werkgroepleier / leidster in u gebou / koshuis

[of skakel die hoof: risikobestuur by 77658 ]

## *SORAYA IS TERUG!*

# Blommeverkoopster sorg weer vir kleur in Steeg

SORAYA, die vriendelike bruin blommeverkoopstertjie wat die afgelope tien jaar bekend geword het as die verskaffer van die mooiste blomme op die dorp, is terug in Dorpstraatsteeg na 'n afgewesigheid van meer as drie maande.

Nadat sy en ander bruin verkoopsters jare lank hul blomme in die straat verkoop het, het die owerhede voorverlede jaar vier stalletjies in die Steeg gebou om in hierdie mense se behoefte te voorsien.

Omdat die Munisipaliteit dienste soos watervoorsiening en vullisverwydering voorsien, moes die blommeverkopers vanaf verlede jaar vir die stalletjies tender.

Tot verlede jaar het sy geen probleme gehad nie en goed daarin geslaag om die pot aan die kook te hou. Vanjaar egter, was dit 'n ander storie.

Die eienares van 'n groot blommeonderneming met twee plaaslike takke en twee in ander Bolandse dorpe, mev. Brits, het die twee voorste stalletjies bekom deur 'n tender van R1 700. Om ook 'n plekkie in die Steeg te kon kry, is Soraya gedwing om ook hoog te tender – niks minder nie as R1 100 vir die agterste twee stalletjies.

### TE HOOG

Dit het nie net daartoe gelei dat sy eers op die eerste April hier opgedaag het nie, maar ook dat sy verwag om dalk nie meer lank op Stellenbosch te haar stalletjie gaan maak om dadelik agter te kom dat sy bekend en bemind is in die gemeenskap en veral onder die studente. Volgens 'n meningspeiling onder die studente is daar ook geen twyfel dat haar blomme die beste en goedkoopste in die dorp is nie.

### EDDIE

Na 'n dekade sal Soraya miskien nou stil-stil verdwyn. Ongelukkig word iemand wat eie is aan Stellenbosch nog te na gekom. Daar kan net gehoop word dat sy, soos Eddie, 'n heenkome sal vind.



SORAYA blom tussen haar asters in Dorpstraatsteeg.



'n PAAR weke tevore moes 'n mens teleurgesteld voor die klein verskeidenheid blomme omdraai.

wees nie. Sy is van mening dat hierdie ongehoorde hoë tender die brood uit haar mond sal neem.

Tot verlede jaar kon 'n mens maar net 'n draai by

# *Opgrawings te sien by koffiehuis*

*THE sunlight on the garden*
*hardens and grows cold,*
*We cannot cage the minute*
*Within its nets of gold*
*(Louis Macneice)*

Die atmosfeer van D' Ouwe Werf, die nuwe koffiehuis in Kerkstraat, is een van sonlig, ruimte en rustigheid.

Die groot glasoppervlakte aan albei kante verleen 'n uitsig op die patio, waar die fonteintjie en afgeslotenheid van die straat bydra tot die rustigheid. Opvallend, anders en interessant is die beeldhoukuns wat hier te sien is.

Binne is die koffiehuis – op twee vlakke gebou – se atmosfeer nie minder aangenaam nie. Die mure is gebou met ruwe bakstene, in kontras met die skoon, sober lyne van die dennehoutplafon. Die atmosfeer van ruwe aardsheid word verskerp deur die rottangmeubels, 'n groot aantal plante wat nie net "neergesit" is nie, maar 'n deel van die vertrek vorm, en die pottebakkerseetgerei.

### FILTERKOFFIE

D'Ouwe Werf nooi almal uit en om hul vriende vir die beste koppie koffie in die dorp te ontmoet. Waar anders kry 'n mens nog filterkoffie vir veertig sent; boonop nog met bruinsuiker. Tee, Appletiser en Coke kos niks meer as koffie nie. Die pryse van oopbroodjies is baie billik – dit wissel van 50c tot R1,20. Ligte etes soos 'n kaasbord (R1,80), koue vleis met slaai (R3,00), hoenderslaai (R2,50), 'n bord gekookte kos met groente, beskikbaar teen R2,50, word ook aangebied. Die diens is flink en vriendelik.

Die lekkerste kom egter laaste. As 'n mens met die trappies afstap, kan jy die fondamente van die eerste kerkie op Stellenbosch (gebou in 1687) besigtig. En meer nog – twee grafte uit daardie tyd! 'n Skaalmodel van hoe die dorp toe gelyk het, word ook beplan.




MNR. GERHARD LUBBE, eienaar van D'Ouwe Werf koffiehuis, geniet middagete saam met 'n paar van sy klante.


ONTMOET U VRIENDE VIR DIE BESTE KOPPIE KOFFIE IN DIE DORP, BY

MEET YOUR FRIENDS FOR THE BEST COFFEE IN THE VILLAGE, AT

d'Ouwe Werf

KOFFIETUIN/COFFEE GARDEN




Bedien middagete tussen 12 en 2

R2,50


# Kom kies 'n beroep

DIE Beroepsbiblioteek wat verlede jaar in die Buro vir Studentevoorligting tot stand gebring is, beskik reeds oor heelwat leesstof in verband met 'n groot verskeidenheid van beroepe.

Die leesstof bevat besonderhede oor die aard van beroepe, toetredingskwalifikasies, werksomstandighede, ensovoorts. Heelwat brosjures van maatskappye is beskikbaar.

### KANTOORURE

Die beroepsbiblioteek is gedurende kantoorure tot alle studente se beskikking. 'n Student kan rustig in die leeskamer besonderhede van loopbaangeleenthede naslaan. Dit sluit professionele, administratiewe, tegnies-georiënteerde en ander rigtings in.

Die Beroepsbiblioteek word gehuisves in Victoriastraat 45 (die ou taallaboratorium) en die bibliotekaresse, mej. A. Cluver, sal studente wat van die biblioteek gebruik wil maak, behulpsaam wees met die naslaan en opsporing van die stof waarin hulle belangstel.


Tikwerk van enige aard gedoen met elektriese tikmasjien — Skakel
ELAINE DE BEER
Kantoorure: 08h15 - 16h45 : 21-4470 (Kaapstad)
Ná 18h00 : 94-2387 (Kaapstad)



Cobwebs

Juweliersware
Liebermann breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique. Wynvate en Geelhout wynrakke


# 'n Pond se werk kry 'n pennie se betaling

UITBUITING van studente wat deeltydse werk, is lankal aan die orde van die dag op Stellenbosch.

Plaaslike sake-ondernemings kan kies en keur tussen hordes werkhonger en platsak studente. Vanweë die groot aanbod bevind studente hulself in 'n netelige posisie indien hulle iewers vir 'n werkie sou gaan aanklop. Studente beskik oor weinig bedingingsmag en moet tevrede wees met enige betaling – ás hulle gelukkig is om werk te kry.

Dit is nodig om eers die saak in perspektief te beskou. Die aanbod oorskry die aanvraag by verre. Dit is onmoontlik vir werkgewers om al die voornemende werknemers te akkommodeer. Boonop word studente 'n guns bewys deur aangestel te word, aangesien werkgewers net sowel van goedkoper arbeid gebruik kan maak indien studente ontevrede sou wees met die betaling.

Daar moet nogtans aandag gegee word aan die vernederende behandeling en besoldiging waaraan môre se breinkrag en leiers blootgestel word. Restaurante kan uitgesonder word as sondebok nommer een. Alle plaaslike eetplekke word goed ondersteun en floreer in 'n dorp met so 'n gekonsentreerde koopkrag soos Stellenbosch. Tog word kelners en kelnerinne soms swak betaal in ruil vir hul uitputtende werksure- en -omstandighede.



'n Gewilde restaurant het onlangs 'n vyfdejaarstudent slegs R4,50 betaal vir byna ses uur se werk. 'n Ander is glad nie betaal vir drie uur se werk nie. Baie sulke wanpraktyke staan onder die vaandel van "proeftydperke". Dit word oor die hoof gesien dat die werk dieselfde bly.

Kelners se betaling wissel van 65c per uur tot R15 per ete (soos by een landgoedrestaurant), maar dit is moeilik om 'n werk soos laasgenoemde te bekom. Studente is meestal aangewese op die plekke waar lae besoldiging aangebied word. Spyskaarte toon soms 10% diensfooi, maar kelners ontvang hoogstens 6% daarvan. Dié bewoording veroorsaak gewoonlik dat kelners geen fooitjies van klante ontvang nie.

Die dorpsbiblioteek het 'n tekort aan deeltydse personeellede, dog die stadsvaders weier die aanstelling van studente.

'n Klompie manstudente staan elke oggend douvoordag op om plaaskinders met busse skool toe te vervoer. Die betaling is R2 per rit. Indien die jongman se wekker nie afgaan nie, moet hy R5 inbetaal.

Dit is baie jammer om van sulke dinge te hoor, maar menslikheid en winsbejag is so ver verwyderd van mekaar soos 'n dollarnootjie van 'n student se agtersak.

- ADRI MEY



ZENOBIA DU RAND is as Mej. Helderberg 1982 gekroon. Haar twee prinsesse is Renelle Renaud (links) en Colleen Carrick.

# Staatmakers bepleit eie handleiding

'n GROEP studentelede van die Voortrekkerbeweging het die Paasnaweek hul jaarlikse Staatmakerskonferensie op die RAU-eiland in die Vaaldam gehou.

Die konferensie, wat bygewoon is deur afgevaardigdes van al die Afrikaanse universiteite en die meeste onderwyserskolleges, word alternatiewelik op die onderskeie universiteite se kampusse gehou. Vanjaar was dit die RAU se beurt om gasheer te wees en kon die konferensiegangers vir drie dae 'n eilandbestaan voer. Die hoofleier van die Voortrekkers, prof. C.W. Boshoff, was ook daar. Volgens Tobie Beukes, Stellenbosch se afgevaardigde, was dit weer eens 'n ideale geleentheid om kontak te maak met studente van ander Afrikaanse kampusse.

Die hoofdoel van vanjaar se konferensie was om 'n handleiding vir studente-Voortrekkeraktiwiteite op te stel. Die opstel van so 'n handleiding was noodsaaklik, aangesien die handleiding wat die Voortrekkerbeweging tans gebruik, nie in die behoeftes van 'n 'n studentegroep voorsien nie.

Die voltooide handleiding sal aan die hoofbestuur van die Voortrekkers vir goedkeuring voorgelê word.

Volgende jaar se kongres word op die UPE-kampus aangebied.

# *Debutantes sorg vir 'n rekord*

OP die aand van 2 April 1982 is die jaarlikse Debutantebal, die spogdans van die jaar, op die Nederburglandgoed net buitekant die Paarl gehou.

Om die aand te begin is sjampanje op die grasperk onder die akkerbome en die sterre gedrink. Die heildronk is deur die Rektor, prof. Mike de Vries, ingestel en daarna het almal hulle plekke om die tafels ingeneem. Die debutantes is een vir een aan dr. Marino Chiavelli en die ander eregaste voorgestel. Daarna is die dansvloer geopen met musiek deur die orkes Hilton Ross and the Band.

Die lang buffettafels, spierwit gedek met gestyfde tafeldoeke, het gesug onder die calamari, snoekpatees, koue vleise, reënboogslaaie en nageregte.

Vanjaar was anders – dit was 'n jaar van eerstes. Nog nooit tevore is R105 000 ingesamel om die lot van die Bruingemeenskap met gratis mediese- en gemeenskapdienste te verbeter nie. Die Debutante van die jaar het die rekordbedrag van R6 000 ingesamel en 'n motor as prys ontvang. Die bal is ook vir die eerste keer nie in die Mount Nelson Hotel in Kaapstad gehou nie.


Hoewel elke debutante wat die bal bygewoon het, soos die debutante van die jaar kon voel, het Mientjie Esterhuyse die kroon ontvang. Heleen Malherbe se R5 090 het haar geleentheid gegee om 'n besoek aan Portugal te bring en Marietjie Marais se R5 002 het haar 'n naaimasjien besorg.

Nieteenstaande die groot getal debutantes wat die bal bygewoon het (104 meisies het elk meer as R400 ingesamel – nog 'n rekord), is geen moeite ontsien om dit vir elkeen 'n onvergeetlike aand te maak nie. Elkeen het as aandenking van debutantwees 'n pen en 'n langsteelsjampanjeglasie met "Debutante '82" daarop gegraveer, ontvang.



MIENTJIE ESTERHUYSE, wat met haar edrag van R6 000 as Debutante van die aar aangewys is, staan trots by haar prys, n Datsun-motor.

BEGIN JOU LOOPBAAN IN DIE REKENAARWÊRELD



**Die eerste stap na sukses**
Jy het jou B Com-graad of B Sc in Rekenaarwetenskap, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde of Statistiek in jou sak. 'n Blink toekoms wag by Infoplan, die gevestigde en steeds groeiende rekenaarreus met takke in die meeste hoofsentra. Ons bied uitstekende loopbaangeleenthede in Programmering, Stelselontwerp en -ontleding, Rekenaaroudit en Stelselsbeplanning asook, op ander kommersiële en tegnies-wetenskaplike gebiede.



**Opleiding deur spesialiste**
By Infoplan bied spesialiste jou jaarliks intensiewe opleiding aan ons geregistreerde, modern toegeruste opleidingsentrum sodat jy voortdurend aan die spits kan bly van jou gekose rigting.



**Loopbaanontwikkeling**
Boonop geniet jy die voordeel om onder die toesig en leiding van hoogs bekwame rekenaarkundiges te werk, om sodoende jou bekwaamhede binne hierdie uitdagende veld te ontwikkel.



**Salaris en voordele**
Salarisse is hoogs mededingend en verhogings word volgens 'n merietestelsel bepaal. Voordele sluit in 'n volle 13de tjek as bonus, behuisingsubsidie, mediese hulp en pensioenfonds asook kafeteriafasiliteite en ruim verlof.

**Skryf aan: Die Personeelbestuurder, Posbus 19513, Pretoria-Wes 0117, of skakel Sylvana Britz by (012) 79-1877 x 421.**

Infoplan
GELEENTHEDE ONBEPERK

# 'Awake from Mourning' and 'Fugard's People' being shown in Stellenbosch

THE Film Society of Stellenbosch is one of the most active societies in so far as it caters for all art film enthusiasts.

**Film Society**

On the third of May, a controversial film with a South African theme, "Awake from Mourning", will be shown.

Ken Wlaschin wrote of the film in the London Film Festival Programme:

"'Awake from Mourning' is a film made in memory of the black children who died in the 1976 unrest in Soweto and is about the self-help movement started among black women in South Africa. Four black women, involved in the struggles of their community created the Maggie Magaba Trust in 1979 for the development of women in general, for their dignity and their self-respect.

### INVOLVEMENT

The four women, Ellen Khuzwayo, Joyce Seroke, Sally Motlana and Magdalene Mokgatha, conceived the idea of this film to give the work of the Trust a wider audience. They were actively involved in all stages of the film from the initial conception to the final stages of editing.

They recount their own stories within the film and describe the hardships of the aged and disabled, the frustrations that black students have because of the separated education they are offered and the work of the Trust in assisting all sections of the community. The dignity and the vitality of these women is conveyed with impressive restraint in a truly remarkable film".

### NOT "ANTI"

In a review of the film in *The Sowetan* it is stated that Mrs. Betty Wolpert, a white South African living in London, provided money for the Trust. She says about the film: "I am taking the film to South Africa because it is positive and a homage to the women of Soweto. I want as many people as possible from all levels, black and white, so see it – to see how women are trying to improve their situation and conditions without violence. This is not an 'anti' film. It is positive and could prove valuable to the racial situation in nearly all countries which have race problems." The money paid by the Film Society to hire the film, is going to the Maggie Magaba Trust.

Later this term, another film, which will also attract attention will be shown by the Film Society. "Fugard's People" is a documentary about Athol Fugard which attempts to perceive the man through a close examination of his work as performed by some of his most talented interpreters. We are introduced to Fugard's working methods and in the process are encouraged to de-intellectualise our approach to his work and to see it within the context of his inspiration – the realities of the South African situation.

### INTERVIEWS

Clips of his plays and films are intercut with interviews with Fugard, as well as an interview conducted with Yvonne Bryceland in London. Bryceland's views on Fugard and his work provide a fascinating insight into South Africa's most internationally respected playwright.

In a scene from a stage production of "Statements after an arrest under the Immorality Act" we see the full power of Fugard's writing conveyed in a stunning performance by Sandra Prinsloo.

The director of "Fugard's People" is Helena Nogueira.

The cast include Athol Fugard, Sandra Prinsloo, Marius Weyers, Yvonne Bryceland, Sheila Fugard, Billy Curry and Judy Vivier.

This article was compiled out of the programme of the sixth International Cape Town Film Festival.



A scene from the film "Awake from Mourning".

# Pryswenners bekend ná USAT se dramafees

DIE jaarlikse USAT-dramafees het tussen 23 Maart en 1 April in die studente-teater in die Ou Konservatorium plaasgevind.

Die dramafees van 1982 kan in die algemeen as hoogs suksesvol beskryf word. 'n Hoë standaard is deurgaans deur die deelnemers gehandhaaf.

Die volgende persone het as beoordeelaars opgetree: Herman Pretorius van die Departement van Drama, dr. Billy Trengove van die Fakulteit van Opvoedkunde en dr. Paul Edmunds van die Departement van Engels.

Dr. Arnold Blumer en mnr. Edmund Heese van die Duitse en Engelse Departement onderskeidelik, het die tekste beoordeel.

Die volgende pryse is toegeken:

BESTE PRODUKSIE: "Gotcha" opgevoer deur Irene en Helshoogte onder leiding van Natalie da Rocha.

BESTE AFRIKAANSE PRODUKSIE: "Die Vrolike Onderbroek", geskryf deur St. Glochecourse, en opgevoer deur Huis Marais en Sonop onder leiding van Isabel Pienaar.

BESTE VERTOLKING DEUR 'N AKTEUR: André Roodtman in "Willem, Ben, Koos en Jopie" (geskryf deur Lettie Viljoen).

BESTE VERTOLKING DEUR 'N AKTRISE: Antoinette Pienaar in "Gotcha".

BESTE VERTOLKING VAN 'N KLEIN ROLLETJIE: Marelise van Blerk in "Jan Jonker Junior".

BESTE REGISSEUR: Carl Fourie met "Die laaste van die takhare".

BESTE TEKS: "In Camera II" deur Marthé Muller.

USAT is op soek na spelers, veral mans, en tegnici vir die opvoering in Grahamstad gedurende Julie-maand. Die produksie is vir die Studente-Dramafees, wat deel uitmaak van die Five Roses Art Festival (1820 Settlers). Belangstellendes kan so gou as moontlik by die USAT-kantoor, L.S.S. gaan aanklop.

USAT-improvisasies ("workshops") vind elke Saterdagoggend om tienuur in die Ou Konservatorium plaas. Dit is kort, spontane stukke met die oog op 'n straatteater later in die kwartaal op die kampus. Navrae kan gedoen word by die USAT-kantoor, L.S.S.

## KONSERVE:

# *Carla speel vir haar 'n Cambridge-beurs los*

CARLA GROSSKOPF, 22-jarige dogter van regter Ernie Grosskopf van Kaapstad, het 'n gesogte beurs vir nagraadse studie aan die Universiteit van Cambridge in Engeland verwerf.

Die beurs is van die Sir Henry Strakosch-gedenktrust van Union Corporation. Dit bedra £6 500 vir twee jaar, verlengbaar vir 'n derde jaar, plus 'n retoerkaartjie.

Carla Grosskopf het verlede jaar die graad B.Mus. (met klavier en dwarfsluit as hoofinstrumente) met onderskeiding in al haar vierdejaarsvakke, aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. "My voete raak skaars grond" het die opgewonde pianiste gesê. "Ek was só met hart en siel in my H.O.D.-kursus dat hierdie onverwagse nuus vir my die grootste verjaarsdaggeskenk was."

Vanaf sewejarige ouderdom het sy by Nancy Hofmeyer in die Kaap, klavierlesse geneem. Vanaf st. 8 tot in haar matriekjaar (1977) het sy gevorderde lesse by Muriel du Puy aan die Universiteit van Kaapstad geneem. Sy het verder gedurende haar skooljare aan die Hoërskool Jan van Riebeeck, by UNISA eksamens afgelê en graad 8 met onderskeiding geslaag. Haar hoofinstrument in Matriek was die blokfluit.

Aanvanklik wou Carla arbeidsterapie haar loopbaan maak. Sy het egter in 1978 aan die pasvoltooide Konservatorium begin studeer en klavier het haar groot liefde geword. Sy was sedert haar tweede jaar assistent by dr. Van Zuilenberg se gehooropleiding. Tot in September, wanneer sy na Brittanje vertrek, gaan sy haar studies hoofsaaklik op klavier rig om haar standaard so hoog as moontlik te kry.

Sy wil veral op Musiekwetenskap konsentreer. Carla is ook 'n voortreflike begeleidster en sal graag ensemble-werk wil doen.

Met haar redelike kennis van Duits en Italiaans en 'n goeie kulturale agtergrond, sien sy daarna uit om in aanraking te kom met die lewe van hoogstaande musici.



CARLA GROSSKOPF, wat 'n musiekbeurs vir Cambridge gewen het.

# Beurs verower

DIE Maggie Laubscher-beurs vir kunsstudente word vanjaar gedeel deur twee finalejaarstudente in die Juweliersdepartement. Marchant van Tonder deel die beurs met Elizabeth Laubser (geen familie van Maggie nie!). Die bedrag beloop R500 en word jaarliks aan die mees belowende student uitgeloof.

Dit is 'n uitsondering dat die Maggie Laubscher-beurs deur twee studente gedeel word.

XEROX is hier!

VRIENDELIKE KOPIEERSENTRUM
(sonder gemors van muntstukke)

» Verkleinings
» Kopiëring op verskillende tipes materiaal
» Gehaltereproduksies van foto's
» Groot afdrukke
» Plus al die gewone kopieerwerk

CAPE OFFICE MACHINES (Pty) Ltd.
Viljoenshofgebou
Pleinstraat 65
STELLENBOSCH
(ingang tussen Coetzenburg Apteek en Pikkie Blommaert Uitrusters)

Agent vir
Dealer for RANK XEROX & XEROX

spesiaal vir studente 5 sent

Die Matie

Donderdag, 29 April 1982

# Verbod voorspel donkerte in koerant - politiek

DIE permanente verbod op die publikasie van *SASPU-National* en die inperking van dié studentekoerant se redakteurs voorspel 'n donker toekoms vir enige koerant wat sy voelers na die "verkeerde" rigting uitsteek.

Dit wil voorkom asof die pers summier in die bek geruk word sodra die taal wat hy praat nie met dié van Grootpappa saamstem nie. Ook op Stellenbosch is daar die neiging om te veroordeel sonder om die bestaansreg van 'n ander standpunt te erken.


Die rol en funksie van 'n studentekoerant word telkens onderwerp aan die kritiek van kundige onkundiges. Dit is veral die hantering van politiek deur hierdie koerante wat gebuk gaan onder die felle aanslag van sogenaamde veronregtes.

Redaksies word so maklik beskuldig van negatiewe beriggewing omdat daar kwansuis op die politieke gebied afgewyk word van die betrokke kampus se tradisionele denkwyse. Daar word deur die sonbril-brigade probeer om die pad van elke onskuldige student suiwer te hou deur die land se probleme en toekomswerklikheid agter 'n donker lens te verdoesel. Omdat daar vyftig jaar gelede geglo is in "Bly blank my volk!" en "Dit is my land dié!", word daar vandag steeds van die Afrikaner-establishment verwag om hierdie spreuke entoesiasties uit te skreeu. . . .

Dit was nog altyd *Die Matie* se standpunt dat die politiek 'n geïntegreerde deel is van studentejoernalistiek. Om egter van 'n redaksie te verwag om in die verlede te leef en te weier om na die moontlikhede en alternatiewe van *vandag* te kyk, is 'n onrealistiese uitgangspunt sonder enige meriete.

Geen student kan dit bekostig om in 'n kokon op Stellenbosch te lewe nie. Daar moet met die "buitewêreld" in voeling gebly word, want as Suid-Afrikaners het elkeen 'n verantwoordelikheid teenoor die land en sy mense. 'n Mens kan nie binne die beskermende universiteitsmure 'n rug draai op die politieke toneel buite Stellenbosch nie, want ná afloop van die studietydperk word ook gegradueerdes gekonfronteer met die Suid-Afrikaanse situasie soos wat dit werklik daar uitsien.

Daarom het selfs 'n studentekoerant 'n politieke opvoedingstaak wat hom dwing om nie net nóg 'n na-prater van die kommersiële dagpers te word nie. Daar moet dieper gedelf word na die onbekende kant van elke saak sodat 'n ingeligte, maar ook krities-denkende studentegemeenskap 'n werklikheid kan word. Dit het nodig geword dat studente met die lewe agter die skerms gekonfronteer word in 'n poging om elke onverskillige buitestander by die moontlike oplossings van die landsprobleme te betrek.




"MEVROU, kan u aan enige rede dink waarom dames koshuise verlaat?"

# Oor bloeiklinieke en nuwe kennisgewings

OP aanbeveling van die WP Bloedoortrappingsdiens, is daar besluit om nie 'n Groot Bloei-kompetisie op 10 Mei 1982 aan te bied nie. As gevolg van die praktiese probleme wat met die hantering van groot, eenmalige skenkings ondervind word, is toe ooreengekom dat daar in die toekoms eerder weeklikse klinieke sal plaasvind. Die eerste hiervan sal op 10 Mei 1982 plaasvind. Nadere besonderhede sal mettertyd onder skenkers en voornemende skenkers se aandag gebring word.

P.S.O.-SLUITKASSIES is beskikbaar teen 'n tarief van R7,50 vir die kwartaal. Voornemende huurders moet duidelik gemotiveerde redes vir die noodsaaklikheid van 'n sluitkassie by aansoek verstrek. Ook moet die voornemende huurder se studente-adres sy/haar aansoek vergesel.

Huurders is self verantwoordelik vir die aanskaf van 'n slot vir hul kassie. Die LSS-komitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies van besittings nie.

Aansoeke moet gerig word aan:

SR-Lid van LSS
SR-Kantoor
Univ. van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

HIERMEE word kennis gegee dat aansoeke vir Sentrale Stembuskonvenor vir die Studenteparlement- en Studenteraadsverkiesing tans ingewag word.

Aansoeke moet van 'n lys met relevante ondervinding vergesel wees, en gerig word aan: Die Sekretaris, Studenteraad, SR-Kantoor, LSS.
LSS. Die sluitingsdatum is Dinsdag 4 Mei om 12h00.

**KENNISGEWING:** Monica het onlangs hulle eerste telefoonskakelbord in gebruik geneem. Die nommer is: 72369.

# Redakteurs gesoek

AANSOEKE word ingewag vir die volgende post vir 1983:

- **Redakteur van die Akkerjol**
- **Redakteur van die Matie-Dagboek**


Rig aansoek aan:
**Die Voorsitter, Publikasie-komitee, SR-kantoor, Langenhoven - studentesentrum, Stellenbosch.**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG 14 MEI OM 12h00**

# Iets skort met die opleiding van mediese studente

## Matie-Gesprek

ANNAMI OOSTHUYSEN gesels met



PIETER BOSCH

**DIE mediese student het nie genoeg tyd om sy persoonlikheid te slyp sodat hy sy rol in die praktyk na behore kan vervul nie. Dit is die mening van Pieter Bosch, Voorsitter van die Tygerberg-Studenteraad. Volgens hom is die rede vir die probleem die onvoldoende opleidingsisteem.**

***Sou u sê dat die Tygerberg-studente bewus is van aktuele sake en wat rondom hulle gebeur?***

Studente praat maklik oor die spook van apatie. Op Tygerberg is daardie spook om verstaanbare redes baie groot. Vanaf sy derde jaar loop 'n mediese student daagliks van agt tot vyf klas.

Die ironie van die saak is, dat wanneer hulle eendag geneeshere is, die gemeenskap so baie van hulle verwag. Hy moet as 'n rat in die masjinerie van die samelewing funksioneer. Dit is jammer dat die mediese studente nie meer tyd het om sy persoonlikheid te slyp sodat hy sy plek in die praktyk kan volstaan nie. Ek dink dat dit een van die gebreke in ons opleidingsisteem is. Hulle is apaties omdat hulle nie tyd het nie. Die mediese student verskil van die een op Stellenbosch, want hy is baie akademies gerig.

***Wat sou u as 'n oplossing vir hierdie situasie bied?***

Een oplossing is besig om te realiseer, naamlik die kontak tussen die TSR en Stellenbosch. Op Tygerberg is al hoe meer studente op leiersvlak betrokke wat sorg dat studente met prikkelende kwessies gekonfronteer word.

'n Ander oplossing is dat 'n vak soos mediese politiek in ons kursus ingevoer word. Dit sal die student beter inlig oor die dinge wat in sy beroep gebeur. Ons beroep is in die hele Suid-Afrikaanse samelewing ingevleg. Daar word beweer dat gesondheidsprobleme in S.A. verband hou met politieke probleme. Vandag word baie siektes aan swak sosio-ekonomiese toestande gekoppel.

Die mediese student moet van hierdie dinge weet en besef dat mediese kennis nog meer op voorkomingsvlak toegepas moet word. Die sosio-ekonomiese opheffing van mense lê nie net by sosioloë nie, maar is ook die plig van die geneesheer.

***Wat is u mening oor die keuring van mediese studente?***

Die keuringsprosedure is heeltemal onvoldoende, maar ek het nie 'n beter alternatief nie. Dwarsdeur S.A. en die wêreld is vrae al gestel om te bepaal watter studente geskik sal wees om tot mediese skole toegelaat te word. Ons probleem in S.A. is dat te veel studente gaan spesialiseer en te min bly in die praktyk oor.

Ek is ten gunste van gegradueerdes wat medies wil studeer. Hulle vind dit soveel makliker om te kommunikeer met mense uit die verskillende lae van die samelewing. Hulle het 'n breër lewensuitkyk en 'n beter ingesteldheid.

***Sou u saamstem dat die opleidingsfasiliteite vir medici onvoldoende is?***

Dit is veral ontoereikend ten opsigte van die swart studente. Daar word meestal net blanke geneeshere opgelei en mense sal hulle meer op tuislande moet toespits.

***Wil Tygerberg-studente nog enige kontak met die hoofkampus hê?***

Die mediese student se grootste probleem is dat hy net gedurende sy eerste jaar werklik 'n Matie is. Die studente wil ongetwyfeld op alle vlakke kontak behou en uitbrei. Dit is hoekom die Tygerberg-SR gestig is om afhanklik van die Stellenbosse SR te funksioneer.

***Is studente gegrief omdat daar na hulle mening, nie genoeg kontak is nie?***

Ek dink nie dat hulle gegrief is nie. Tygerberg-studente is baie besig en verval vinnig in 'n lewenspatroon wat om studie en praktiese werk draai. Studente het nie altyd tyd om hulle te bekommer oor formele kontak met die moederkampus nie, behalwe mense wat in leiersposisies is. Die TSR en die drie huiskomitees probeer egter om skakeling te verbeter.

***In die lig van u vorige stellings, sou u meen dat die TSR nog enige funksie het?***

Die belangrikste punt ten opsigte van die TSR is dat die Tygerberg-student op sekere vlakke nog kontak wil behou. Die vlakke is in ons SR-portefeuljes vervat. Die gemiddelde student wil nog Karnaval hou en Intervarsity geniet. Ons spits ons hierop toe en het elke jaar groter sukses.

***Hoe kan kontak tussen die twee kampusse verbeter word?***


Die nuwe grondwet en reglemente van die TSR is aanvaar. Daar is nou 'n formele struktuur waarvolgens kontak met die Stellenbosse SR gemaak moet word. Tygerberg se SR-lede word reglementêr verplig om inligting van die Stellenbosch-kampus aan die Tygerberg-studente deur te voer.

***Het u enige reaksie ontvang nadat die SP die mosie oor dr. Neil Aggett, wat u voorgestel het, aanvaar het?***

Tot op hede het ek eintlik geen reaksie gehad nie. Die vakansie het kort na die aanname van die mosie gevolg. Die mense het wel navraag gedoen oor die presiese strekking van die mosie omdat die hele motivering nie gepubliseer is nie. Studente bespreek graag sake binne die mediese veld, byvoorbeeld para-mediese kwessies, opleiding en vergoeding van geneeshere en die Steve Biko- en Neil Aggett-gevalle.

Ek het wel reaksie in die koerante verwag en in een Transvaalse koerant was daar wel 'n berig. Die mosie is nie so emosioneel geformuleer dat die SP hom vereenselwig met die doel waarvoor dr. Aggett gesterf het nie. As dit so was, sou daar heftiger reaksie gewees het. Die mosie was gemik om die rol te beklemtoon wat die Mediese Vereniging van Suid-Afrika wil speel om mense soos dr. Aggett, te beskerm. Die mediese beroep se saak is nog nie skoon binne die hele aangeleentheid nie en die mosie mik om dit te doen.

Ek dink dat die vergadering tussen die Minister van Gesondheid en die Mediese Vereniging van Suid-Afrika die grootste reaksie op die mosie was.



PROF. NICO SMITH — op pad uit Broederbondpos.

# Kweekskool moet eerste oop, sê prof. Nico

**Deur DAWIE BOSCH**

"DIE Kweekskool op Stellenbosch behoort eintlik oopgestel te word nog voor die res van die kampus, om daardeur te toon dat die kerk werklik bereid is om almal wat in sy geloofsbelydenis deel, te aanvaar," het prof. Nico Smith verlede week in 'n onderhoud gesê.

Prof. Smith het sy pos as hoof van die Departement Sendingwetenskap aan die Kweekskool hierdie week vaarwel toegeroep. Hy vertrek môre na Pretoria, waar hy 'n beroep na die swart NG-gemeente van Mamelodi aanvaar het.

Hy het verlede jaar tydens die aanvra van 'n referendum oor die oopstelling van Stellenbosch gesê dat, as daar één universiteit is wat oor oopstelling leiding moet neem, dit Stellenbosch is. "Stellenbosch is die hart van die Afrikaner, en al die inwoners van Suid-Afrika moet oortuig word dat die hart van die Afrikaner vir hulle oop is."

'n Moontlikheid wat gevrees word, is dat deur die opstelling die Afrikaner sy identiteit sal verloor. "As jy dink dat jy deur isolasie jou identiteit gaan behou, gaan jy dit juis verloor. Menslike identiteit word bepaal deur kontak met ander mense. Sluit jy jou af, dan moet dit daartoe lei dat jou identiteit vervaag."

### NGK

Die innemende hoogleraar was die laaste tyd in die nuus as redakteur van *Storm-kompas*, 'n boek wat die menings van verskeie bekommerde lidmate van die NG-kerk bevat.

Oor die NGK sê hy: "Reeds in die tyd tussen 1930 en 1948 het die NGK met die regering van daardie tyd onderhandel vir die algehele skeiding van rasse. Die ergste is dat die hele konsep gebaseer is op die uitgangspunt van die onversoenbaarheid van mense.

"As daar een instansie in die hele wêreld is wat dít nooit mag sê nie, is dit die Kerk. Die Kerk verkondig dan die boodskap dat God die wêreld versoen het."

Daarom voel prof. Smith so sterk dat die Kweekskool die voortou moet neem deur anderskleurige studente toe te laat. "Hier sal eers werklik relevante teologie beoefen word wanneer studente van ander kleure saam kan studeer en saam kan worstel om te verstaan wat die Bybel se boodskap vir die Suid-Afrikaanse situasie is."

Aan die begin van hierdie jaar was daar 'n hewige polemiek in die openbare pers oor die invloed wat akademici se Broederbondskap op hulle aanstelling uitoefen — veral wat teologiese Kweekskole van die NGK betref. Twee name wat prominent in hierdie verband genoem is, is dié van proff. Smith en Karl Boshoff, laasgenoemde van Tukkies en die voorsitter van die Afrikaner Broederbond.

### BROEDERBOND

Prof. Smith voel seker dat sy lidmaatskap van dié geheime organisasie wel deeglik 'n rol gespeel het in sy aanstelling by Stellenbosch se Teologiese Fakulteit. "Daarmee sê ek nie dat die AB die benoeming agteraf gereël het nie. Daar bestaan egter 'n bepaalde onafgesproke verstandhouding tussen die lede om die organisasie se doelstellings te bevorder."

Op die vraag of hy weet van gevalle waar daar wel georganiseer is by aanstellings, het hy geantwoord: "In omsendbriewe wat gepubliseer is, is aanbevelings gemaak in verband met persone vir wie daar gestem moes word in verband met Afrikaner-organisasies."

As steun daarvoor dat daar deur die geheime organisasie gemanipuleer word, het hy in 'n brief aan *Die Burger* geskryf: "Gedurende my betrokkenheid by die Ruiterwag, die jeugarm van die Broederbond, het ek dit jaarliks meegemaak dat hierdie geheime jeugorganisasie vooruit bepaal het vir watter kandidate hulle vir die Studenteraad sou stem. Dié name is dan op allerlei subtiele wyses by die ander studente gepropageer."

Hy meen dat dit nog moontlik is dat studentepolitiek nog op hierdie wyse gemanipuleer word. "Ek kan dit my nouliks voorstel dat die Ruiterwag hulle jarelangbeproefde werkswyse sal wysig."

Oor sy aanvaarding van die beroep na Mamelodi het hy gesê dat, bloot rasioneel gesien, hy steeds 'n taak op Stellenbosch het — maar dat daar ook 'n geloofsdimensie aan verbonde is.

Dosente aan die Fakulteite van Teologie kan 'n groot invloed op die lidmate en die predikante van die Kerk uitoefen. Of hy dink dat die teologie-dosente wat in Stellenbosch agterbly, aktief vir 'n relevante versoening sal werk? "Ek begeer van harte dat hulle dit wel sal doen."

## ENGLISH SOCIETY

# *Keep clear of the big wheels' way*

THE English Society began its year on April 14 with the first in a series of discussions on the professional uses of an English degree, other than teaching.

### EDITING

Mr. Henry Snijders, a new member of the department, related some of his knowledge and experience in freelance editing.

He described to his audience the time and effort which goes into a small company newspaper.

His job as editor of a newspaper brought out by Mobil took him all over the country gathering material for the monthly publication. It also required him to perform the task of photographer, proofreader and to be solely responsible for lay-out.

The anxiety he experienced each month while awaiting the reaction from "big wheels" in the firm who might object to instances where his writing was rather too "creative" was vividly conveyed. It seems that life as a lecturer will be very much more relaxed in comparison.

# Skaakmat buite Neelsie

'n VIER-EN-TWINTIG uur-skaakmarathon is van 25 tot 26 Maart in die loopgang van Neelsie gehou.

Die doel was om reklame te maak vir die Skaakvereniging en die Maties hét daarvan kennis geneem! Die marathon het vyfuur Donderdagmiddag begin en Vrydagmiddag vyfuur opgehou. Vrydagaand, na afloop van die marathon, is daar 'n sokkie in die Gat deur die Skaakvereniging aangebied.
eniging aangebied.

In die marathon het twee lede van die Skaakklub gespeel. Elkeen het gelyktydig op vier borde teen enige uitdagers gespeel.

Daar word beoog om later vanjaar weer so 'n marathon te reël. Dit sal saamval met Radio Matie se deurnagdiensuitsending, en sal op 'n kompetisiebasis geskied.



TEEN die koue weer en lang ure toets die genië hul vermoë om te oorwin in 'n 24 uur-skaakmarathon.

# Aandag voornemende VSA - studente

STUDENTE wat vanjaar in Amerika gaan studeer, kan hulleself oriënteer vir die verandering by 'n byeenkoms op 7 Mei.

Die byeenkoms vind plaas vanaf die middag 13h00 tot 19h00 by die Amerikaanse Kultuursentrum te Pleinstraat 10, Kaapstad.

Alle studente wat gekeur is vir studies aan Amerikaanse universiteite- of kolleges is baie welkom. Oudstudente is welkom om by die groep aan te sluit vir die onthaal om 18h00.

Praktiese raad omtrent reis en verblyf in die VSA sal verskaf word.

Alle studente wat belangstel om die program of die onthaal by te woon en wat reeds toelating tot die inrigtings het, word versoek om die studente-raadgewer by die Amerikaanse Kultuursentrum by telefoonnommer 21-4280, uitbreiding 239, te skakel. Bywoning is gratis.

# *Ongerief bring besparing*

DIE ongerief wat Maties as gevolg van die uitgrawings langs Victoriastraat moet verduur, gaan uiteindelik hul beursies bevoordeel.

'n Boorgat is by Wilgenhof gesink en die water word nou deur middel van pype gelei na Dagbreek en omstreke. Mnr. Moolman van die Tuinboukunde-afdeling is in beheer van die projek.

Aangesien boorgatwater nou gebruik word om die tuine in die areas nat te lei, is die Tuinboukunde-mense nie beperk deur die reëlings van die munisipaliteit in verband met waterbesparing nie. Dit impliseer dat stygings van losiesgeld miskien effens vertraag kan word.

Die robotte op die hoek van Merrimanlaan en Birdstraat het vir 'n tyd lank nie gewerk nie. Volgens die munisipaliteit is dit bloot groeipyne.

### SKEEFLOOP

Die robotte werk op 'n stelsel wat deur die Universiteit ontwikkel is. Nadat die robotte in werking gestel is, het dinge skielik begin skeefloop.

Die robotte naby die OK was ook vir 'n tydperk afgeskakel terwyl daar pype oor die pad gelê is.





SEDERT die begin van die jaar het studente baie ongerief as gevolg van uitgrawings, soos dié in Van Ryneveldstraat, verduur.

# 'n Nuwe privaat kopieersentrum op pad

'n NUWE fotokopieersentrum gaan deur 'n privaatondernemer op Stellenbosch geopen word. Kopieë sal teen vyf sent per afdruk gemaak kan word.

Hierdie opspraakwekkende ontwikkeling volg op kritiek wat teen die huidige stelsel in die Carnegie uitgespreek is.

Die inisiatiewe bly vir die hede beperk tot die privaatsektor. Mnr. D.J.M. van Eyk, hoof van die Inkoopafdeling, wou hom nie uitlaat oor die moontlikheid van 'n gewysige fotokopieerstelsel in die Carnegie nie.

Hy het laat deurskemer dat die geleentheid dalk ondersoek sal word. Dit is nie uitgesluit dat die nuwe biblioteek 'n kassierstelsel sal hê nie.

Die *Matie*-meningspeiling het aangetoon dat 96 persent van die studente Tukkies se kassierstelsel verkies, en glo dat daar te min masjiene beskikbaar is.

Dit blyk dat 85 persent van die studente ongelukkig is oor die gehalte van afdrukke in die Carnegie-biblioteek.

'n Volle vyf persent glo dat die nuwe masjiene meer betroubaar is.

# Vernietigende vuur — R3-miljoen skade

VIR sommige studente het Goeie Vrydag op 'n baie ongelukkige wyse begin as gevolg van 'n vernietigende brand in die Polimeerwetenskapgebou.

Net na middernag op 16 April is die gebou deur verskeie ontploffings geruk. Die daaropvolgende brand het feitlik alles vernietig.

Geskrewe werk aan doktors, meesters- en honneursgrade is vernietig tesame met talle navorsingsbronne en -resultate wat oor 'n dekade ingesamel is. Die skade is beraam op drie miljoen rand, maar die waarde van die verlore man-ure is onskatbaar.

Die direkteur van die Instituut, dr. R.D. Sanders, is deur 'n nagraadse student van die brand in kennis gestel. Die brandweer was gou op die toneel en het die vlamme binne 'n uur onder beheer gehad. Die skade was egter reeds aangerig.

Die oorsaak van die brand is onbekend. Die polisie is besig om ondersoek daarna in te stel. Intussen is alternatiewe akkommodasie reeds ingerig sodat die studente met hul kursusse kan voortgaan.

Die onverklaarbaarste gebeurtenis is die paashaas wat ongeskonde uit die brand gekom het. Die paashaas het op 'n oop rak in die middel van die gebou gestaan terwyl die vuur rondom hom gebrand het.

Hy word nou in die huis van mnr. Mike Whelan bewaar. Daar is sprake dat die paashaas in poliëster gegiet gaan word en as gelukbringer lid van die Instituut sal word.

Dr. Sanders het gesê dat, ten spyte van die terugslag sal die Instituut voortgaan en steeds na groter hoogtes reik.

# *Kernkrag in vrou*


DIE eerste Suid-Afrikaanse vrou wat 'n doktorsgraad in die kernfisika aanpak, mev. S. Froneman, 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch, het een van die WNNR se spesiale meriete-beurse ontvang. Dit word slegs in besonder verdienstelike gevalle vir nagraadse studie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit toegeken.

Net drie sulke beurse word jaarliks toegeken.

# perspektiewe en dinge

**japie pienaar**

"DIT is moeilik om vas te stel hoeveel vereensaamdes daar op Stellenbosch is . . . Uit breër ondersoeke blyk dit dat die persentasie vereensaamdes ongeveer 30% is, en daar bestaan alle aanduidings dat dié syfer aan die toeneem is" *(Die Matie*, 29 Maart 1982).



*"I'm lonesome!"*

***

In 'n koshuiskamer op Stellenbosch sit 'n meisie met 'n wekker in haar hand. Senu-agtig tik haar voet op die eentonige maat van die horlosie. Buite in die gang skarrel dit – agter krullebolle, haardroërs en ritssluiters aan. Dit "oe!" en "ah!" oor die aand se *prince charming* en hulle wens mekaar voorspoed toe met die jag. Dan stroom hulle soos 'n waterval by die trappe af, en verdwyn in geparkeerde motors, dan die nag in.

Die tik van die wekker word nou progressief harder. Soos die ligte om haar haastig uitdoof, word die getik 'n kakofoniese geraas, dit hamer in haar slape soos primitiewe tromslae. Dan besef sy dat dit donker is om haar – die wêreld se aandag is gevestig op háár lig. Sy doof dit uit, sodat vriendinne verby sal loop en sal wonder: "Haai, met wie sou sy vanaand al weer uit wees?" Sy oorweeg dit om in haar kas te klim, ingeval iemand sou inkom. Sy neurie by haarself: *"A winter's day / in a deep and dark December / I am alone / gazing from my window / to the streets below . . ."* In die donker grimeer sy haarself – en gelukkig sal dit ook oor haar gesig loop – nes die grimering op die natgesweette gesigte van die prima donnas as hul vanaand terugkeer. Dan sal hulle spog met hul sukses van die aand. Die wekker tik voort.

***

Eensaamheid is 'n ou pre-okkupasie by die mens. Jan Celliers het al geskryf: *"My vuurtjie en ek is op wag – / my vuurtjie en ek alleen"* Later was daar *"Seargant Pepper's lonely heart club band"*, en vandag skryf ons vir *"Ena gee raad"* of *"Sake van die hart"*. Vir die desperates is daar *"Sonskynhoekie"* en selfs *"computer dating"*. Grappies wat suur word.

Dit is ou nuus dat sosialisering nie toeneem in verhouding tot bevolkingsdigtheid nie. In teendeel, vandag is die beeld van die verdwaalde enkeling in die groot stad al amper 'n cliché.

En Stellenbosch? Dié sosiale mekka met sy sokkies, hennedinees, rampartye, huisdanse, huisdinees, huisfondsfunksies, "Laan", Vergenoeg, ens. ens.? Is dit moontlik dat meer as 30% van die studente gedurende hul studiejare nie een keer uitgaan nie? Skynbaar. Die rede lê waarskynlik in die totale oppervlakkigheid van die sosiale opset op Stellenbosch. Dié wat nie deur hul H.K's opgeveil word vir skoonheidskompetisies nie, is skynbaar bestem vir die muurblombrigade. Vir hulle is die *"passion d'amore"* nie bestem nie. *"I learned the truth at seventeen / that love was meant for beauty queens."*

Maar heeltemal tereg merk die artikel verder op: "Die vraag is of hierdie mense nie dalk verkies om alleen te wees, en in hul afsondering gelukkig is nie". Ek wonder. Dikwels is daar 'n poging tot rasionalisasie: *"I have my books / my poetry to protect me / shielded in my armour / I touch no one and no one touches me"*. Met, miskien, 'n legitieme motivering: *"A rock feels no pain / and an island never cries"*.


# Pandora's Box



**In Brueghel's *Icarus*, for instance: how**
**everything turns away**
**Quite leisurely from the disaster; the**
**plowman may**
**Have heard the splash, the forsaken cry,**
**But for him it was not an important failure;**
**the sun shone**
**As it had to on the white legs disappearing**
**into the green**
**Water; and the expensive delicate ship**
**that must have seen**
**Something amazing, a boy falling out of**
**the sky,**
**Had somewhere to get to and sailed calmly**
**on.**

**From: *Musée des Beaux* Arts by W. H. Auden.**

# *Alfa en Oméga . . .*



*Here, ek het lief die woning van u huis en die woonplek van u heerlikheid.*
*Psalm 26 Vers 8.*

# Blie-blieb in Neelsie

DIE gewysigde reglemente en grondwet van die Tygerberg-Studenteraad is deur die Stellenbosse Studenteraad aanvaar. Dit reël onder andere dat skakeling tussen die twee kampusse móét plaasvind.

### REKENAARSPELE

Daar was 'n lang bespreking oor die mosie dat die SR die installering van rekenaarspele in die LSS moet goedkeur. Heinrich Nagel en Hendrik Verwoerd het Stephan Spies en Panayiotis Stais in die debat ten gunste van die mosie ondersteun. Hul motivering is dat die Neelsie beter benut moet word. Ook blyk daar 'n behoefte onder studente vir rekenaarspele onder studente te wees omdat hul die kafees s'n so dikwels besoek. Verder kan sulke spele finansiële voordele vir die Raad beteken.

### REËLINGS

Hein Botha, Braam Hanekom en Willem van Huyssteen was teen die voorstel gekant. Volgens hulle hoort sulke spele nie op die kampus nie en pas dit nie by die aard van Stellenbosch nie.

Die mosie is aanvaar en die nodige reëlings is getref om die installering van die spele te verseker. Totdat daar reaksie van die studente kom, sal die Neelsie voortaan twee nuwe soorte klanke hoor: Radio Matie se nuwe klanktoerusting en die blie-blieb van rekenaarspele.

### NUWE SR

Die nuutverkose SR-lede van die Universiteit van Wes-Kaapland is met hul verkiesing gelukgewens.

**Uit die SR en SP**

Verder het die SR sy opregte hoop uitgespreek dat hierdie raad en die Studenteraad van die Universiteit van Wes-Kaapland alle moontlike stappe sal neem om onverwyld 'n geleentheid te skep waar hul mekaar kan ontmoet. In die oorspronlike mosie is die woorde "in die belang van gemeenskaplike toekoms in Suid-Afrika" geskrap. Volgens die voorsteller, Willem van Huyssteen, is die woorde 'n motivering en hoort dit nie in die mosie nie. Verder wil Stellenbosch nie net skakel met die oog op 'n gesamentlike toekoms in SA nie, maar ook andersoortige skakeling bevorder.

### WERKLADING

Daar is afgestap van 'n mosie van Nick Barnardt wat die portefeulje-struktuur van die SR wou verander. Willem van Huyssteen het die afstap-mosie voorgestel aangesien die voorsteller "nie rekening gehou het met die werklading van SR-lede nie."

### AFSKEID

Voortaan sal die jaarlikse SR-afskeidsdinee uit SR-fondse gefinansier word, behalwe onkoste verbonde aan drank en vervoer. Hierdie voorstel van Nick Barnardt het algemeen byval gevind.

Die vorige SP-vergadering het die vorm van 'n konferensie aangeneem waartydens 'n skolingskursus aangebied is. Mnr. Anton van Niekerk van die Dept. Filosofie het lede geskool in die korrekte formulering van mosies. Praktiese oefeninge is in werkgroepe gedoen. Prof. J. Cawood en dr. J Malan het SP-lede 'n kans gegee om probleme uit te lig wat in die groepe bespreek is.

### ONDERSOEK

Tydens 'n kort vergadering is die ondersoek deur die komitee vir Studente- en Akademiese belange na die Universiteitslied bekend gemaak. SP-lede is versoek om in hul kiesafdelings opnames te maak.

deur Annami Oosthuysen

HAUM

DIE STUDENT SE BOEK-WINKEL

TRUSTBANKGEBOU
ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH 7680
POSBUS 343

TEL. 440 & 2906




INTERVARSITY kán, soos in die verlede, weer met entoesiasme begroet word.

# INUS MARAIS:

# Intervarsity kán vanjaar suksesvol wees . . .

AS daar ooit 'n suksesvolle Intervarsity tussen die Universiteit van Stellenbosch en Kaapstad gehou kan word, kan dit vanjaar gebeur. Ná verlede jaar se Intervarsity-skandaal is Inus Marais, SR-lid belas met Intervarsity, daarvan oortuig dat sy komitee nuwe lewe in hierdie jaarlikse instelling kan blaas.

**Inus het dit beklemtoon dat 'n groot verantwoordelikheid by die studente self lê. Daar rus byna 'n verpligting op elke student om aan die aktiwiteite deel te neem. Daardeur kan studente iets vir hulle universiteit doen.**

Karnaval en Intervarsity is die enigste twee geleenthede waartydens die beeld van Stellenbosch deur alle studente bevorder kan word. Die Intervarsity-komitee gaan 'n poging aanwend om studentedeelname te bevorder, maar indien dit nie sal slaag nie moet daar opnuut gekyk word na Intervarsity as instelling, die bestaansreg daarvan en die houding van studente.

Inus het daarop gewys dat studente dikwels gesmeek moet word om deel te neem en hy skryf dit toe aan 'n gebrek aan motivering.

"Vroeër was Intervarsity nog 'n unieke geleentheid, maar deesdae spog elke tweede skool met hul eie trompoppies, sing-songs en dirigente. Dit kan 'n rede wees waarom ons studente nie meer in Intervarsity belangstel nie", het Inus gesê. "Daarom spits die Intervarsity-komitee hom toe op maniere om die studente se belangstelling weer te prikkel."

Volgens Inus was swak beplanning die hoofoorsaak vir die rampspoedige aanbieding van Intervarsity in die verlede. Goeie beplanning en 'n uitgebreide reklameveldtog behoort hierdie probleem die hoof te bied.


Die kommissie wat verlede jaar Intervarsity ondersoek het, het net na die werksaamhede van daardie spesifieke komitee gekyk en het met geen aanbevelings vorendag gekom nie. Die huidige komitee het 'n deurmekaar portefeulje met ontoerykende reglemente geërf. Daar word beplan om vanjaar beter verslae en produkte van die organisasie na te laat en om die reglemente te herskryf.

Inus was aanvanklik bang vir hierdie portefeulje, maar beskou dit nou as 'n uitdaging om Intervarsity reg te ruk. Sy komitee bestaan uit goedgemotiveerde persone wat die belangrikheid van hulle taak besef en sal help om van die poging 'n sukses te maak.

In die beplanning word probeer om Intervarsity aan die studentepubliek te verkoop en deelname te bevorder. Om mense te betrek moet elkeen weet wat aangaan en deeglike reklame sal 'n belangrike rol speel om studente betyds in te lig.

Die slaggate van die verlede moet vermy word. Daarom vergader die Intervarsitykomitee elke week om koördinasie- en oorvleuelingsprobleme uit te skakel. Die verskillende portefeuljes vergader apart om hulle eie werksafbakening te doen. Opdragte word gesamentlik gekoördineer en elke lid het inspraak by ander portefeuljes. Daar is vir die eerste keer 'n eie kantoor betrek vanwaar alle beplanning sal funksioneer.

Koshuisskakeling sal deur die SP geskied en die Junior Breëbestuur sal met die uitvoer van opdragte help. Die voorsitter van die JBB dien ex officio in die Intervarsity-komitee.



INUS MARAIS

In vergelyking met ander jare is daar reeds ver gevorder met die reëlings vir vanjaar se Intervarsity. Met 'n voorlopige begroting van ongeveer R10 000 is daar weggedoen met die gebruiklike kleiner borge en is een, groot borg gevind om in die behoeftes te voorsien. Omdat baie maatskappye negatief gereageer het, is met die Rektor, prof. M.J. de Vries, ooreengekom dat daar van 'n drankmaatskappy gebruik gemaak kan word. Niemand sal egter verplig word om drank, byvoorbeeld op 'n T-hempie, te adverteer nie. Daarom moet 'n addisionele borg gevind word om die onkoste aan die borslappe ("bibs") te dek. 'n Goeie ontwerp sal verseker dat hierdie borslappe vir ten minste vyf jaar hergebruik kan word en deur dieselfde borg gefinansier word. Studente sal dus nie vir die gebruik van die borslap hoef te betaal nie.

Die sing-songs word op 'n vernuwende wyse georganiseer. Volgens beplanning sal dit saans om negeuur begin en van tienuur tot kwart voor elf sal 'n sokkie aangebied word. Toestemming hiervoor moet nog verkry word. Gaskunstenaars, soos David Kramer, Pip Freedman en Lesley Rae Dowling, word ingevoer om studente te trek en om aan hulle die geleentheid te bied om dié kunstenaars gratis in aksie te sien. Die dirigente sal deur 'n kenner bygestaan word om hulle touwys te maak.

Vir die versiering van die sing-song-pawiljoen is R200 opsy gesit. 'n Goedkoper kaartjieprys vir hierdie pawiljoen word beding om dit vir elke student toeganklik te maak. Pryse behoort vanjaar goedkoper as die van ander kaartjies te wees, maar die bywoning van sing-songs en die Groot Brag word daarvoor vereis.

Ook die Sjampanjenooikompetisie word volledig geborg en die tien finaliste is reeds met die hand deur die komitee en organisaseerders uitgesoek. Die kroning sal in die Oude Libertas-sentrum plaasvind en behoort teen 15 Mei afgehandel te wees.

Samewerking met die Rugbyklub is op 'n gesonde voet en die organiseerder van die rugbyspanne, mnr. Dawie Snyman, veg saam om die sukses van Intervarsity te verseker.

Die rugbyspelers, waarom die spil van Intervarsity draai, is in die verlede afgeskeep, maar daar sal probeer word om hulle vanjaar beter aan die studente voor te stel. Hulle sal tydens die Groot Brag aandenkings ontvang wat hierdie Intervarsity by hulle sal verewig. Verder sal probeer word om met die Groot Brag radiokontak tussen die twee universiteite te bewerkstelling. Daar word nog na 'n goeie seremoniemeester gesoek om by dié geleentheid op te tree.

Die uiteindelike doel van die Intervarsity-komitee is om hierdie gebeurtenis só lekker te maak dat niemand dit sal wil mis nie.

# "Moenie geld in bodemlose putte werp nie!"

DR. JAN S. MARAIS het in Johannesburg gesê dat die sakelui van Suid-Afrika hul geld nie in bodemlose putte behoort te werp nie.

**Die beste steun wat hulle in hul eie belang aan die politiek kan verleen, is om te help om 'n breë, omvattende, opgevoegde en ontwikkelde gemeenskap te skep.**

Dr. Marais, voorsitter en direkteur van verskeie sake-ondernemings en ere-president van die Suid-Afrika-Stigting, het Johannesburg se Afrikaanse Sakekamer op Dinsdag, 23 Maart, toegespreek.

Hy het gesê dat Suid-Afrikaanse sakemanne in hul kontak met honderdduisende werkers en kliënte van alle volksgroepe, baie kan help om die feite, die praktiese aspekte van 'n ideale staatsbestel en die ideaal van 'n konstellasie van Suider-Afrikaanse state uit te spel en vestig.

Daar was 'n tyd toe dit byna as 'n evangelie verkondig is dat sakemanne hul neuse uit die politiek moet hou. Te veel politici is bang dat 'n realistiese sakebenadering hul bootjie kan skommel. Aan die ander kant is sakemanne te bang of te selfsugtig om 'n woord kwyt te raak wat hul sakebelange kan benadeel.

Dr. Marais het 'n binnelandse inligtings- en kommunikasie-aksie voorgestel waarby sakeleiers betrokke kan wees sonder om noodwendig in die enger partypolitiek verstrik te raak. Sakelui behoort te help met beter kommunikasie en die verspreiding van tersaaklike, vergelykende feite onder die volksmassa.

Die eerste logiese stap is groter skakeling met gemeenskapsleiers en opinievormers in die plaaslike gemeenskappe, soos alle plattelandse dorpe tot in die verste uithoek, sowel as in die stedelike omgewing. Sonder hierdie kommunikasie met feitekennis van die politiek kom gebalanseerde en korrekte perspektiewe nie tot hul reg nie.

Met die samestelling van die bevolking van hoog ontwikkeld tot onderontwikkeld, is groter begrip vir mekaar se denke en leefwyse nodig om die politiek te verstaan en suksesvol te arbei aan die beste stelsel vir die toekoms.



MENINGS-AKTUEEL

**OPMERKINGS deur dr. Jan S. Marais is verwerk vir publikasie in Die Matie.**

Politieke mag gaan meer gedesentraliseer word na plaaslike vlakke. Dit maak dit nodig dat groter kontak met en begrip van die sentrale vlak by die mense geskep word. Die mense moet ingelig word oor die werklikhede van vandag se wêreld.

Met 'n regverdige, demokratiese gemeenskap vir almal as doelwit, wentel die oplossing om vier hooffronte: die vinniger opleiding, opvoeding en "sofistikering" van alle mense; die doelbewuste en volgehoue verspreiding van vergelykende feitekennis; meer en effektiewe kommunikasie en samewerking, en die totstandkoming van 'n sake- en eiendomsbesittende middelklas ook onder nie-blankes.

Dr. Marais glo dat dit 'n uitdaging is waarmee sakemanne kan help, veral die doelbewuste inskakeling van en kommunikasie met gemeenskapsleiers en opinievormers in ander lewenskringe. Om met gesag te kan praat moet ook met politici gepraat word. Daar mag nie weggekom word van die politiek omdat 'n besigheid dalk 'n paar kliënte of 'n goeie kontrak kan verloor nie.

Dr. Marais het gesê hy stem saam met die nuwe beleid van min. Fanie Botha: meer vryhede, ook die vryheid om vakverenigings te organiseer. Bewaar ons egter as ons nie betyds die vakbondleiers nader trek nie, meer met hulle kommunikeer en toesien dat hulle begrip het en oortuig is van die noodsaaklike elemente om 'n vrye markstelsel suksesvol te laat werk nie. Hulle moet ook kennis dra van hoe dit indiensneming en lewenstandaarde kan beïnvloed.

Harde werk en produktiewiteit is 'n voorvereiste vir 'n beter lewenstandaard. Vakbondleiers moet in staat wees om die kennis oor te dra aan hul volgelinge.

# Kompetisie

DAMES, wat wil u uself noem?

Het u 'n naam vir die Damesbelangekomitee en is u lid daarvan? Die komitee wat vir u, as vrou, geskep is, soek 'n naam. Kan u help?

Indien wel; vul dié vorm in en rig dit aan:

Mej. T Middelton
SR-lid Damesbelange
SR-kantoor
Steilenbosch.

**REËLS:**

1) Enige student aan die Universiteit van Stellenbosch mag hieraan deelneem.
2) Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 1 Junie 1982.
3) Die Damesbelangekomitee '82 behou hom die reg voor om die mees toepaslike naam as "wenner" uit te wys. Hul besluit is finaal en geen korrespondensie sal verder gevoer word nie.
4) Die komitee sal net voorstelle op 'n kopie, wat net soos onderstaande lyk, aanvaar.
5) Die wenner sal skriftelik in kennis gestel word en amptelik tydens die Vroueweek op die kampus (16 Aug – 20 Aug '82) bekend gemaak word.

**Naam:** ______________________

**Adres:** ______________________

**Telefoonnommer:** ______________________

**My voorgestelde naam vir die Damesbelangekomitee is**

______________________

**Ek is bereid om die reëls van die kompetisie te aanvaar.**

**Handetekening:** ______________________

**Datum:** ______________________

DE JAGERS

*Uitrusters* *Outfitters*

**Dis Hier!!**

Kom besigtig ons wintervoorraad teen baie billike pryse

**Ons wagwoord:**

Vriendelikheid en Flinke diens

*H/v. Bird & Dorpstraat* *Stellenbosch Tel. 5168*

# Snoeke swoeg verniet vir Smoeg

**B. FOURIE, ns. Huis Visser, skryf:**

HUIS VISSER het op 'n huisvergadering eenparig besluit om die volgende punte onder u aandag te bring.

Ons koshuis voel beswaard oor die keuse van die Persseksasie-foto, sowel as die byskrif op die voorblad van die karnavaluitgawe van *Die Matie*. Ons is van oordeel dat die foto nie die sentrale tema en gees van Karnaval bevorder of weerspieël nie en dat die onderskrif nog verder van die kol is. Dit is doodgewoon nie goeie smaak nie. 'n Voorblad met een van die vlotte daarop sou heelwat meer kleur en smaak aan u beriggewing verleen het.

### WENVLOT

Ons het verder met misnoë kennis geneem van die feit dat drie bladsye aan foto's oor Karnaval afgestaan is sonder om iewers 'n ruimte te vind vir Huis Visser en Monica se wenvlot. Dit is ironies dat die plaaslike koerant meer aandag aan ons vlot gegee het as ons eie studentekoerant.

Daarbenewens het een van ons inwoners vir albei kere wat hy ons vlot ontwerp het, daarin geslaag om die wenvlot in te skryf (1980 en 1982). Dit is voorwaar 'n besondere prestasie, maar tog kon *Die Matie* nog nooit iets daaroor berig nie.

### KREDIET

Laastens wys ons u daarop dat Huis Visser in 1980 die SMOEG gewen het en, behalwe vir 'n enkele sinnetjie, geen beriggewing in *Die Matie* gekry het nie. Ook handhaaf ons 'n besondere hoë gemiddelde m.b.t. Karnaval. Nogtans het *Die Matie* in gebreke gebly om dié wat deurgaans hard werk, die nodige krediet en nuusdekking te gee.

Ons doen 'n vriendelike beroep op u om toe te sien dat hierdie ongelukkige situasie reggestel sal word deur in die toekoms ook vir Huis Visser in u berigte in ag te neem.

### KOMMENTAAR

*(VERAL met betrekking tot die voorblad en die verslag-uitgawe van* Die Smoeg *word u verwys na die antwoord op die brief van mnr. Van Rooyen Terblanche op bladsy 13.*

*By die uitsluiting van Huis Visser en Monica se wenvlot op die fotobladsye gee ons u gelyk. Dit wás 'n gruwel-fout waaroor ons opreg jammer is. Ongelukkig het ons te kampe gehad met 'n baie beperkte aantal swart-en-wit foto's (waarvan nie 'n enkele een die wenvlot bevat het nie!) en was die gehalte of bruikbaarheid van die kleurskuifies 'n wesenlike faktor. Ons probeer egter om die probleme binne die fotografiese redaksie met die oog op die toekoms uit te skakel.*

*Verder wil ons dit duidelik stel dat daar nog nooit doelbewus deur* Die Matie *probeer is om koshuise in beriggewing (of by gebrek daaraan) te na te kom nie. Omdat feitlik elke koshuis en privaatwyk oor 'n koshuispublikasie beskik, spits* Die Matie *hom nie spesifiek toe op interne koshuisaangeleenthede nie. Waar nuus egter van algemene belang of 'n interessantheid is, word dit in verhouding tot ander gebeure en aktualiteite geselekteer om aanspraak te maak op plasing.*

*Daar moet onthou word dat* Die Matie *nie 'n argiefstuk of notule is van alles wat op Stellenbosch gebeur nie. Dit is 'n onmoontlike taak om alle kampus- en koshuisnuus in te win en/of te plaas. Uit die sestig redaksielede het slegs veertig met die inwin van nuus te doen, waarvan 'n skrale 28 verslaggewers hoofsaaklik die beriggewing moet behartig. En in 'n gemiddelde uitgawe van* Die Matie *met sestien bladsye verskyn ongeveer vyftig berigte (uitgesonderd hoofartikel, rubrieke, aktualiteitsartikels en kuns) wat ondubbelsinning die groot werklas op die groepie vrywillige amateurs illustreer. Dit is gevolglik slegs die joernalistieke uitdaging wat op die lange duur redaksielede daartoe beweeg om die druk program en die hoë verwagtinge te trotseer.*

*In die lig hiervan word daar 'n beroep op alle koshuise, verenigings en instansies gedoen om* Die Matie *betyds in te lig oor gebeure wat vir publikasie oorweeg kan word. Die meriete van 'n saak hang natuurlik van redaksionele oordeel af, maar wedersydse kontak kan 'n groter begrip vir mekaar tot gevolg hê.*

*Baie dankie vir u reaksie. Die kommentaar op u brief word nie vanuit 'n meerderwaardige posisie gedoen nie, maar dit verskyn in dieselfde goeie gees as wat ons glo u brief geskryf is – Red.)*

# Weg met liberale masjiene!

**SWART OP WIT, skryf:**

IN die goeie slegte ou dae kon 'n mens fotokopieë maak van potloodgeskrewe notas. Notas wat in rooi ink geskryf was, het die beste van almal afgedruk, potlood tweede en blou ink derde. Kopieë van oorspronklike kopieë was steeds leesbaar.

Die nuwe kopieerders is egter baie liberalisties en glo in integrasie van wit en swart, asook die oorheersing van blankes deur swart rante om alles te laat. Swart en wit is uit, lig- en donkergrys is in. Lang vakansies, die reg om te staak, 'n vyfdag werksweek en betaalde siekteverlof is alles nuwe eienskappe.

### VERWARRING

Die nuwerwetse metode is ook om alles agterstevoor te doen. Die eerste kopie lê onder en die laaste een bo. Dit staan bekend as die Omgekeerde Arabiese Metode; Hierdie metode veroorsaak groot verwarring onder die tokkelokke. Hebreeuse boeke moet hulle van voor na agter kopieer en Griekse boeke van agter na voor, om die kopieë in die regte volgorde te kry.

### APARTHEID

Waar is die dae van apartheid tussen wit en swart? Goed, die ou masjiene was geneig om dun lyne in stippellyne te verander, maar hulle was oud en afgeleef. Veel nuwe Xerox'e het al die lig gesien. Hul vermoë om 10c, 20c en 50c stukke te vat, het baie gehelp om artritis-pyne in my linkerhand te verhoed.

### DONATEUR

Kan ons nie maar nou asseblief weer ons ou, rassistiese kopieerders se jonger boeties kry nie? Rank Xerox sal seker ook met liefde 'n donateur van die universiteit word as hul daardeur die kontrak kan terugkry. Ek dink nie die Dept. van Ontwikkeling hoef oor 'n moontlike verlies van inkomste bekommerd te wees nie.

## Briewe



**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch, 7600. Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.**

**Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.**

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

DIE indeks waarvolgens die advertensies geplaas word, is: 1. Geboortes, 2. Verlowings, 3. Huwelike, 4. In Memoriam, 4. Sterfgevalle, 6. Persoonlik, 7. KENNISGEWINGS, 8. GEVIND, 9. TE KOOP, 10. TE KOOP GEVRA, 11. LOSIES, 12. LOSIES GEVRA, 13. RYGELEENTHEDE, 14. RYGELEENTHEDE GEVRA.

### SPERTYD

Spertyd vir advertensies vir die volgende *Matie* is 7 Mei.

Advertensies moet skriftelik, met die regte bedrag in 'n koevert in *Die Matie* se posbus (nr. 20, Neelsie) geplaas word. Advertensies sal ook per pos aanvaar word (Die Redakteur, Geklassifiseerd, LSS, Universiteit, Stellenbosch).

'n Bedrag van slegs 75c vir elke 15 woorde word gehef, behalwe vir advertensies onder GEVIND, wat gratis geplaas sal word.

### KENNISGEWINGS

EMPANGENI HOËRSKOOL se 25ste bestaansjaar – reünie op Saterdag, 26 Julie 1982 by die skool – sport en bring-'n-braai – bond van oud-skoliere sal tot stand gebring word – vir meer inligting, kontak mev. J.L. de Beer by tel. nr. 23627 (0351) of Posbus 602, Empangeni, 3880.

DIE Aristea-huiskomitee wil graag die huisdans op 8 Mei onder die aandag van huislede bring. Kaartjies is by ons kantoor beskikbaar. Sien die kennisgewingborde vir besonderhede.

### TE KOOP

BOEKE, teen ruim afslag: Minerology for students; Holmes Principles of Physical Geology. Skakel Dewald 024-34211 enige tyd.

### RYGELEENTHEDE GEVRA

NA Pretoria/Johannesburg op 19 Mei 1982. Besit lisensie. Kontak mej. Lewis. Tel. 2209, Stellenbosch.

NA Bloemfontein, Woensdag 19 of Donderdag 20 Mei en vanaf Bloemfontein, Maandag 31 Mei (Republiekdag). Sal help met vervoerkoste en bestuur. Kontak Ilse Krige, Tel. 4920.


**Hoe help dié man om die kragreus van Afrika te programmeer?**



**As u rekenaars ken, sal u die antwoord ken.**

As u nie in die rekenaarveld is nie, sal u die antwoord kry in die rekenaarafdeling van Evkom. Dis 'n sterk stelling. Maar die bewys word gelewer deur die elektrisiteit wat Evkom lewer. Om ongeveer 60% van die totale elektrisiteit op te wek wat daar in Afrika gebruik word — dis meer as 90% van die elektrisiteit wat in Suid-Afrika gebruik word — span Evkom 50 000 mense in. En die kragreus groei steeds.

Om die land se volle potensiaal te ontsluit, sal Evkom sy energieproduksie binne die volgende dekade verdubbel. Sonder ons rekenaarfasiliteite sou dit 'n onbegonne taak wees.

**Daar's plek vir u in die senu-sentrum van Suid-Afrika se kragbron**

Ons rekenaarspan is die meesterbrein van ons reuse-organisasie, en daarmee saam van ontwikkeling in Suid-Afrika. Van steenkoolvervoerbande wat oor kilometers strek tot gesofistikeerde kragstasies, van elektromeganika tot kernkragtegnologie, en van verwikkelde stelsels vir kosteberekening, verkope, personeelwerk en administrasie tot toekomsbeplanning beheer en koördineer ons rekenaarspan met professionalisme en perfeksie. Dis hoe dié man die kragreus van Afrika help programmeer.

As rekenaars u loopbaan is, kom gesels met die manne by die kragbron van Suid-Afrika.
Tel. (011) 800-3304.

ESCOM • EVKOM

**Die bron van krag**

**EVKOM**

# *Die Matie* stuur 'n skewe beeld die wêreld in

**VAN ROOYEN TERBLANCHE, Van der Bylstraat 6, skryf:**

Ek wil graag dat elke leser van ons studentekoerant die uitgawe van 11 Maart 1982 weer 'n slag ouder oë kry. Na aanleiding van hierdie koerant wil ek die volgende sê:

1. As hierdie koerant 'n weerspieëling daarvan is van hoe dit op die Matiekampus daaraan toegaan wil ek my daarvan distansieer.

2. Die voorblad is 'n volbladgrootte van "iets" met 'n onderskrif "Persseksasie". Wanneer het dit op die Kampus plaasgevind? Om te dink dat die Redakteur bereid is om so 'n skewe beeld van ons Karnaval die wêreld in te stuur.

3. Skynbaar was dit nie vir dié uitgawe, wat net na die karnaval verskyn het, nodig om 'n groter berig as die op bladsy 5 (6,5 x 4 cm) te plaas nie. (Dankie vir die foto's.) 'n Mens wil tog weet wat met die koshuisversierings, "folkfees", middaguur konserte, en die kermis gebeur het.

4. Die uitgawe het vir my deurgaans 'n draad van negatiwitiet gedra. Die redaksie het "Eensame aanhouding" as 'n prioriteit beskou en dit word op bladsy 3 twee maal en op bladsy 13 weer eens weergegee.

5. Waarom word meneer David Curry se toespraak 2 maal geplaas (bladsye 5 en 10), of weergawes van dieselfde saak.

6. Wat die studente nou nog nie weet van die N.P.-skeuring nie, is nie die moeite werd om te weet nie. Die Matie sal baie beslis geen nuwe lig op die saak kan werp nie.

7. Ek moet onomwonde die gedagte en mening huldig dat *Die Matie* 'n tipe beleid voorstaan wat vir my nie aanvaarbaar is nie. Daar word duidelike aan bepaalde standpunte meer voorrang gegee as aan ander.

8. Ek doen 'n vriendelike beroep op die Redakteur en redaksie om die beeld van die Universiteit uit te bou soos wat dit regtig daaruit sien.

9. Baie dankie dat die redaksie bereid is om aan die kritiek aandag te gee!

* * *

**(IAN THERON, Hoofredakteur van *Die Matie*, antwoord ook puntsgewys:**

*1/2 Dit staan die briefskrywer vry om hom van* Die Matie *te distansieer, maar die beskuldiging "dat die redakteur bereid is om só 'n* skewe beeld *van ons Karnaval die wêreld in te stuur" dui ongetwyfeld op 'n verwydering wat daar tussen mnr. Van Rooyen Terblanche en sy kampus plaasgevind het. Die "iets" waarvan die briefskrywer praat het (glo dit as u wil) het op Saterdag, 27 Februarie 1982 'n deel gevorm van Medies en Nemesia se vlotoptog deur die strate van Stellenbosch. Historici (mnr. Terblanche?!) is dit eens dat Tygerberg se "bummies" reeds vir jare 'n tradisionele gesig met Karnaval is en dit sal nie help om hulle teenwoordigheid met 'n donker bril te verdoesel nie. 'n Mens verkleineer nie 'n groepie bittereinders deur te maak asof hulle nie bestaan nie.*

*Vanjaar se optrede deur die "bummies" word beskou as die beste die afgelope vyf jaar. Hulle het vooraf gereeld geoefen, die belangrikheid van die Karnavaloptog is deur Piet Bosch, SR-lid vir Tygerberg, onder hulle aandag gebring, 'n borg van R600 het as aansporing gedien (die opflikkering in hulle kleredrag getuig hiervan) en met Karnaval kon dié manne met reg aanspraak maak op die lof van die meeste toeskouers. Daarom is* Die Matie *nie skaam om so 'n moedige poging (t.s.v. kritiek) deur Stellenbosse studente te ondersteun nie.*

*Die "gewraakte" onderskrif was slegs as 'n humoristiese sinspeling bedoel, want (vergelyk enige verklarende woordeboek)* seks *kan ook* geslag *(manlik of vroulik) beteken en dit is presies waarmee die "bummies" (as manlike weergawe van die trompoppies) spot. Maar nou wil dit vir ons lyk asof daar by gebrek aan 'n humorsin allerhande sleutelgat-interpretasies aan die onderskrif geheg word – ai tog!*

*Terloops, die onderskrif was terselftertyd 'n herinnering aan die (op daardie stadium) alombekende Karnavaltema.*

*3. Daar verskyn binnekort 'n verslag-uitgawe van* Die Smoeg *en omdat berigte voortdurend gekoördineer word (om mekaar nie te oorvleuel nie), word dit aan* Die Smoeg *oorgelaat om aan lesers alle relevante inligting te bied.*

*4. Ons begryp nie mooi wat "negatiwiteit" ('n modewoord?) en "eensame aanhouding" met mekaar te doen het nie. Laasgenoemde was op daardie stadium van aktuele belang – daarom word 'n onafhanklike skrywer toegelaat ombinne die Meningsaktueel-kolom (p. 13) sy eie standpunt te huldig om in die proses (so hoop ons) denke rondom die onderwerp te stimuleer. Enigiemand kan van dié kolom gebruik maak. Dit verheug ons tog dat u "eensame aanhouding" met "negatiwiteit" verbind. Ons is seker mense wat aan hierdie onmenslikheid onderworp word, voel ook nie baie "positief" daaroor nie!*

*Die berigte op p. 3 is nie 'n weerspieëling van* Die Matie *se "negatiewe" standpunt nie, maar bloot 'n weergawe van inter-universitêre gebeure (soos die bladsy-opskrif probeer aandui). Gelukkig verskaf "Bloemfontein se rose gesels" op p. 2 darem 'n bietjie positiewe pitkos . . .*

*5. Waarom is daar nie gekla toe dieselfde eer mnr. Jaap Marais (*Die Matie, *Maandag, 7 September 1981) te beurt geval het nie? Bowendien is Matiegesprek 'n persoonlike onderhoud wat gevoer is, en nie nóg 'n berig of artikel oor mnr. David Curry nie.*

*6.* Die Matie *het slegs studente se* menings *omtrent die NP-skeuring ingewin. Sommige mense stel* wél *belang in studentemenings omtrent 'n aktuele aangeleentheid.*

*7. Indien* Die Matie *'n beleid sou voorstaan wat vir elkeen van Stellenbosch se 12 000 studente aanvaarbaar is, sou 'n mens dalk nooit 'n eksemplaar van daardie wonder-koerant te lese gekry het nie.*

*'n Koerant het 'n bepaalde* inligtingsfunksie, *maar ook 'n opvoedingstaak wat in beskeidenheid deur 'n beperkte aantal redaksielede ten uitvoer gebring moet word. Daarin probeer* Die Matie *as studentekoerant nie die kommersiële dagpers na-praat nie, maar word die lesers gekonfronteer met 'n ander werklikheid buite die beskermende en geïsoleerde Stellenbosse milieu. Dit wil gesprek aktiveer en betrokkenheid aanmoedig sodat niemand ná voltooiing van sy of haar studies vanuit 'n akademiese kokon hoef wakker te skrik nie.*

*8. Die "beeld van die Universiteit soos wat dit regtig daaruit sien" is 'n relatiewe begrip, wat tot uiterstes gevoer kan word. Aan die een kant kan ons verslag doen oor die groot sukses wat USKOR tot dusver behaal het ('n positiewe beeld), maar daar kan ook 'n intensiewe ondersoek geloods word na aborsies wat op Stellenbosse damestudente uitgevoer word en die resultate sal, hoewel korrek, 'n negatiewe beeld van die Universiteit uitbou soos wat dit regtig daaruit sien . . .*

*Ons het simpatie met u standpunt, maar begryp u óns posisie?*

*9. Lees ook die kommentaar by die brief van Huis Visser se Huiskomitee.)*



KARNAVAL se wenvlot, ingeskryf deur Monica en Huis Visser. *(Sien ook brief op p. 12).*

# Sê dankie vir 'Oom John'

**G. TREVOR ROBERTSON, Rontreelaan 13, Kampsbaai, skryf:**

U aanmerkings in verband met die "optrede" van mnr. John Vorster in die hoofartikel van *Die Matie* is duidelik eensydig, ongevraad en ondankbaar.

U stel dit dat "geen universitêre instelling hom kan blootstel aan die spervuur tussen politieke partye nie." Allermins mag toegelaat word dat persoonlike afkere van individue 'n verleentheid vir die universiteit word (sic)! Hierdie stellings is ontbloot aan alle waarheid en geheel-en-al inkonsekwent, en is inderdaad *self* polities geïnspireerd en "persoonlik".

As 'n oud-Matie wil ek ten sterkste daarteen beswaar maak in u koerant.

Nooit is daar in die verlede, en wel toe mnr. Vorster nog Eerste Minister was, ooit gekla oor "spervure" in die politiek nie. Toe die Hertzogiete uitgedryf is (soos nou weer met die Treurnicht-ondersteuners – en ook mnr. Vorster self) is daar nooit gekla oor "spervuure" nie.

Nooit word daar gekla oor uitlatings van linkses soos mnr. Oppenheimer van die Universiteit van Kaapstad nie. Inteendeel – mnr. Oppenheimer word met *ope arms* deur die owerhede van Stellenbosch ontvang met sy S.A. Stigting geldmag en al. Dit wil voorkom asof al wat tel op Stellenbosch deesdae net geld is!

Mnr. Ben Schoeman (van U.P.E. faam) kan linkse uitlatings maak soos hy wil. Maar as mnr. Vorster die waarheid spreek oor die uitverkoop van Afrikaanse instellings deur magsdeling, dan gaan u gal af soos 'n tipiese bogsnuiter.

Stellenbosch, opgebou deur konserwatiewe Afrikaners, word deesdae die spreekbuis vir alles wat links is, maar *dit* is niks. En selfs as u "owerheid" pleit vir "ope" instellings word ook daarna geen *haai* gekraai nie.

Nee, jonge meneer, U is veel meer van 'n verleentheid vir Stellenbosch as mnr. John Vorster. Indien dit nie vir hom en sy voorgangers was nie, was daar glad nie meer eers 'n Stellenbosch nie.

U behoort liewer dankie te sê vir "Oom John" dat hy weer 'n slag onbeskaand die waarheid praat – iets wat blykbaar deesdae heeltemal uit die mode is – ook op linksgedrukte Stellenbosch.

**KOMMENTAAR**

Oud-*studente van hierdie universiteit word vriendelik daarop gewys (indien van toepassing) dat Stellenbosch nie deur die afgelope jare stilgestaan het nie, maar dat die Universiteit juis deur sy studente en personeel vorentoe gelei word op die snelweg van groter ontwikkeling. Deesdae kan niemand dit meer bekostig om tred met die tyd te verloor nie . . . . – Red.)*

# *Nietzche vs. Neelsie*

**J. FOURIE, Merrimanlaan 88, skryf:**

AS student aan US waardeer ek dit baie dat ons by registrasie 'n Matiedagboek ontvang.

Tog voel ek dat die Matiedagboek vir 1982 'n teleurstellende tendens openbaar. In hierdie dagboekie van 'n Afrikaanse universiteit word van **meer** Engelse spreuke gebruik gemaak as van Afrikaanse spreuke. Is ons taal so arm of net so onbelangrik? 'n Verdere beklemtoning van hierdie tendens is dat daar byna twee keer soveel aanhalings van Nietzche geplaas is as dié van Langenhoven. Waarom so 'n wanbalans?

Verder is baie van die aanhalings van so 'n twyfelagtige aard dat dit liefs nie gebruik moes gewees het nie.

Wil hierdie boekie dan daarby aansluit om te help om 'n identiteitskrisis onder die jong Afrikaners te bevorder of is dit al simptome? Die Afrikaanse taal en -kultuur is 'n mooi erfenis. Laat dit op alle terreine tot sy reg kom, veral aan 'n universiteit wat trots daarop is dat dit dié Afrikaanse universiteit is.

# Search for heroes

**ABE GITELSON, P.O. Box 160, Sea Point, writes:**

On the morning of the 15th July 1980 I was involved in a car accident near the Verwoerd Dam in the Orange Free State, when my son lost his life and the rest of my family were seriously hurt.

We were told that two young men who were driving a Volkswagen with a CL registration number helped us out of the car and made us comfortable to the best of their ability and even covered us with their sleeping bags.

I would appreciate it if we could make contact with these two young men so that we can say THANK YOU.

With the assistance of your good selves this might be possible.

A phone call to any of the two numbers will be appreciated. (25-2929/49-3802)

# *Apatie - profete kratifiseer hul name*

**HERMAN OOSTHUYSEN, De Beersweg 106, Strand, skryf:**

APATIE (Nie familie van A.P.T. nie!), is al amper 'n jaar lank 'n modewoord.

Ek het meegevoel met leiers wie kla oor 'n gebrek aan samewerking wanneer iets organiseer moet word. Daar is egter ook "leiers" wie andere van apatie beskuldig, bloot omdat hul nie met die "leiers" se standpunte saamstem en blindelings "Follow the leader" wil speel nie.

INDIVIDUALISTIES

Stellenbosse studente is amper tradisioneel baie individualisties en laat hul eenvoudig nie lei nie. Dit is iets wat menige Studenteraad al tot hul droefenis uitgevind het, gewoonlik te laat.

Sodra 'n studenteleier in die oë van die "volk" grootkop begin kry, loop hy/sy, hom/haar vas teen 'n muur van apatie. Dit wil sê, stille weerstand, deur die toenmalige leier te ignoreer. Hierdie effekte was verlede jaar sterk merkbaar en opmerkings soos, "Aag, hy wys my niks", is algemeen gehoor.

Of dit nou 'n sokkiejol, of 'n monstervergadering is, studente sal slegs opdaag indien hul gemotiveerd is en lus het om te gaan. Beskuldigings van apatie gaan niks help nie.

LEIERSKAP

Goeie leierskap is dus omgekeerd eweredig aan die mate van apatie wat ondervind word. Leiers wie andere wil beskuldig van apatie, moet dus maar liewer hul lyding in stilte verduur, voordat hulle hul name nog verder kratifiseer.

# Aanhouding polariseer

**H. VAN DER MERWE, Kusweg 187, Strand, skryf:**

AANHOUDING sonder verhoor is 'n kanker wat ons samelewing verlam en my toekoms beduiwel. Hierdie absurde "veiligheids"-wet raak my persoonlik, nie omdat ek 'n potensiële aangehoudene is nie, maar omdat dit dié enkele resultaat is van diskriminasie praktyke wat die moontlikheid van vreedsame verandering effektief uitsluit.

Die huidige gepolariseerde rasse – en sosio-ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika noodsaak onderhandeling tussen alle verteenwoordigende en erkende leiers in ons land. Hierdie leiers word in 'n toenemende mate aangehou en geviktimiseer deur die regering sodat effektiewe en vreedsame verandering deur onderhandeling onmoontlik word. Selfs mnr. J.M. Oosthuizen (*Die Matie*, 29 Maart) se simplistiese en enge nasionale beginsels van Christelikheid en ekonomiese voorspoed kan slegs deur onderhandelingspolitiek, en nie deur die voorskrifte van die heersersgroep nie, bereik word. Die afskaffing van wette wat aanhouding sonder verhoor magtig is dus 'n voor vereiste vir verandering in die rigting van 'n regverdige normale samelewing.

In 'n artikel in die regstydskrif *Forum* (April 1982 (wys die skrywer op die verwerplikheid van aanhouding sonder verhoor op grond van regs-etiese en teoretiese oorwegings, en onreëlmatighede in die toepassing daarvan. Ook kom die skrywer tot die slotsom dat hierdie wette die geheel van ons regstelsel sodanig omvorm het, dat die howe se hande afgekap is en geregtigheid nie kan geskied nie selfs die regstelsel verloor al sy geloofwaardigheid as die loasiese regte van individue negeer word.

*(VERKORT)*

**ADVERTEER IN DIE MATIE**

**Geklassifiseerde kolomme bied waarde vir geld 75c vir 15 woorde**

**(Alle kennisgewings van koshuise en/of verenigings word gratis geplaas).**

*CRICKET:*

# Stellenbosch finishes second in Markhams League

THE Stellenbosch first XI did well last season. They came second in the Markhams league and four players gained selection for WP.

Five regular first XI players left at the end of 1981 and key players Adrian Kuiper, Ken McEwan and Andy Schoeman had provincial and, in Andy's case, hockey commitments. Despite this, they finished second in the Markhams two day league and fifth in the Protea one day league. It was poor performances towards the end of the season which cost them first place in the two day league.

### OUTSTANDING

The cricketers had their share of outstanding performances. Mike Mellor (twice) and Eugene Klopper (once) had the best performances on a league day and won Markhams prizes. Mike Mellor and Lennie Louw represented WP B and Ken McEwan and Adrian Kuiper represented WP A. Adrian Kuiper had a wonderful last season for Stellenbosch; he established himself in the WP A side and gained selection for the Springboks against the English XI. Adrians contribution to Stellenbosch cricket will be sorely missed.

**BEST BOWLERS** (overs, maidens, runs, wickets, average):
Lees 127 41 305 25 12,2
Klopper 87 17 280 17 16,4
Kuiper 117 18 357 21 17
Mellor 295 54 735 36 20,4
Du Toit 113 28 293 13 22,5

**BEST BATSMEN** (innings, not out, highest score, runs, average):
McEwan 12 0 130 546 45,2
Mellor 20 4 100n.o. 788 39,35
Kuiper 13 1 96 511 39,3
Mackrory 23 1 83n.o. 649 28,2

Though Stellenbosch only came fourth in the annual SAU tournament held in December 1981, several players gained selection for the combined Universities teams: A Team: A Kuiper (capt), D du Toit, M Mellor, B Team: L Louw, G Paterson (12th man).

### FIRST TEAM

The regular first XI players in the second half of the season were: M Mellor (capt), K Burger,, J Cloete, K Dugmore, D Granger, D Kramer, L Louw, J Mackrory, S Mc Culley, S O'Kennedy, G Paterson, K Stevenson and F van der Merwe.

Younger players who came to the fore last season were K Burger, D Commins and S McCulley.

### STRUGGLE


The club fields four teams and towards the end of the season and around test and exam times often struggle to fill the third and fourth XI's. Why do many Stellenbosch cricketers not join the club? Some good cricketers join other clubs to make a team which plays first league, but most people don't play because they don't want to be bound by compulsory practices, and often a whole Saturday's match. The cricket club has taken the following steps to increase its strength:

1) They are negotiating for a professional coach who will not be involved in representative matches and who will constructively coach all the teams.

2) Indoor nets are being organised this winter for *any* cricketers.

3) When the club gets a sponsor, they will begin the alterations to make the club house bigger and better.

Prospects for next season: last season's captain, M Mellor, is optimistic, but if offered another fast bowler, will not say no.



CRICKETPRACTICES at Coetsenburg. Maties came second in the Markhams league and four players gained selection for WP.

# Maties op wenpad

OP Saterdag, 24 April het 'n baie jong Matie-sokkerspan in 'n aanvallende wedstryd gelykop teen die span van Ikeys gespeel.

Gedurende die eerste helfte het die Maties gebiedsvoordeel geniet en telkens goeie aanvalle geloods. Die eerste doel is vroeg in die eerste helfte deur die Maties aangeteken. Dit was net na 'n sterk breekslag deur Stais en Mynhardt.

### IKEYS

Kort daarna het Ikeys 'n kans goed benut en die telling gelykgemaak. Nie een van die spanne kon daarna met 'n doel slaag nie.

Heelwat van die uitblinkers het Stellenbosch intussen verlaat sodat daar vanjaar nuwe spanne gebou moes word.

Van die ou staatmakers is spelers soos "Meaty" de Franchi, Andy Mynhardt en Donald Buchan. Volgens dr. Lutz Feldmann, een van die afrigters, is albei spanne baie entoesiasties. Die spelers skram nie weg van harde oefening nie en daar is baie gees onder die manne. Ontbrekende talent word deur fiksheid en toewyding geneutraliseer. Skaafwerk moet nog gedoen word om van die eerstespan 'n wenspan te maak. Tot dusver vaar hulle goed en hul kans om die liga te wen, kan nie sonder meer geïgnoreer word nie.

### ONOORWONNE

Die tweedespan lyk baie belowend. Hulle het hierdie seisoen nog nie een wedstryd verloor nie. Vier wedstryde is gespeel met twaalf doele vir en drie teen hulle. Die kaptein, Mike Pennman, reken dat die tweedespan hulle liga gaan wen.

Volledige uitslae:

**1ste span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wynberg | 3 | US | 0 |
| Setlers | 1 | US | 3 |
| Brackenfell | 1 | US | 1 |
| UK | 1 | US | 1 |

**2de span**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wynberg | 1 | US | 2 |
| Setlers | 0 | US | 3 |
| Brackenfell | 2 | US | 5 |
| UK | 0 | US | 2 |

Swak ondersteuning is ook vir die Stellenbosse sokkerspelers 'n teer puntjie. Hierdie sportsoort word beskou as die swartskaap van US-sport en groter toeskouerdeelname kan 'n oplewing aanhelp.

# Eendrag klop Libertas na taai stryd in koshuis liga

EENDRAG het Libertas Vrydag in 'n taai stryd met 12-14 geklop en is tans nog onoorwonne in die eerste liga.

Met die 1982-koshuisrugbyliga in volle gang, is daar weer volop opwinding elke Vrydagmiddag by Coetzenburg. Die eerste amptelike wedstryde is op 16 April gespeel en onmiddellik het 'n klompie spanne die eerste twee punte met goeie oorwinnings verseker.



'n WILGENHOFFER lei 'n aanval in hul wedstryd teen Helderberg. Die twee spanne het 12-12 gelyk op gespeel.

Die wedstryd tussen Helshoogte en Pieke was 'n taai stryd en geen genade is gevra of gegee nie. Weens die nat en glibberige bal was daar nie juis sprake van konstruktiewe spel nie. Die lae standaard van skeidsregterskap het ook nie bygedra om die wedstryd meer aantreklik te maak nie. Pieke het uiteindelik met 6-2 gewen en die eindfluitjie het as 'n verligting gekom.

Verlede Vrydag, was daar 'n besonder harde stryd tussen Eendrag en Libertas. Fiksheid het gesorg dat 'n baie vinnige tempo deurentyd gehandhaaf word.

Aanvanklik het Eendrag in die skrums gesukkel, maar vergoed deur Libertas in die lynstane, losspel en die vaste los te oorskadu. 'n Speler wat sy hart en siel uitgespeel het, was Eendrag se flank, Leon Bell. Dit was ook hy wat die eerste drie van die wedstryd, na veertien minute se spel, gedruk het. Lorenson het geen fout met die doelskop gemaak nie en met rustyd was die telling 6-0.

Die tweede helfte is gekenmerk deur nog taaier en harder rugby. Eendrag het voortgebou op hulle goeie begin, en skitterende spel is deur hulle lostrio, Leon Bell, Lambrechts en agsteman, Francois Michau, gelewer. Dit was veral Michau wat met sy oordeelkundige en vinnige spel 'n mooi vertoning gelewer het.

Die twee agterlyne het goed teen mekaar opgeweeg en alhoewel Eendrag se balle goed tot by die vleuel gevorder het, moet alle krediet aan Libertas se verdediging gegee word. In 'n geskarrel agter hul eie doellyn nadat losskakel Du Toit afgesny is, het Lambrechts Eendrag se tweede drie gedruk. Lorenson se doelskop was weer in die kol en soos die wedstryd einde se kant toe begin staan het, het dinge verlore vir die Libertasspan gelyk.

Libertas ken egter nie die woord "opgee" nie en 'n laaste verbete poging is aangewend. Hulle is dan ook beloon met 'n onvervyfde drie in die laaste minuut deur een van hulle voorspelers.

Die eindtelling was 12-4 in Eendrag se guns en dertig moeë manne het die veld verlaat.

In 'n ander kragmeting het Medies vir Oude Molen oortuigend met 26-6 geklop.

In die lig van Oude Molen se goeie vertoning verlede week teen Eendrag, lyk Medies vanjaar weer na 'n sterk kombinasie wat moeilik geklop gaan word.

Oude Molen se punte het uit drie strafskoppe bestaan, terwyl Medies vier drieë gedruk het.

Met die ter perse gaan, was 'n volledige verslag nog nie beskikbaar nie.

As die volgende op jou van toepassing is, kan jy gerus vir ons kom spreek:
**Twee of derde jaar damestudent op Stellenbosch (of naby woonagtig) wat in 1982 net een vak moet aflê . . .**
WIL JY GRAAG WERK TUSSEN KLASSE, OP NAWEKE EN VERAL MET VAKANSIES?
**Skakel**
**cobwebs**
**Tel. Nr. 5060** **Mev. Smit**

**ATKV-FORTE '82**
**KLASSIEKE FEES**
Die grootste klassieke musiekkompetisie in Suid-Afrika vir jong amateur- en Semi-professionele kunstenaars.
**EERSTE PRYS: R1000,00**
**KATEGORIE PRYSE: R2100,00**
ALGEHELE WENNER 1981

**DEON VAN DER WALT**
**KATEGORIEË:** Sang, klavier, orrel, stryk- en blaasinstrumente, kamermusiek-ensemble (2-8 lede)
**OUDISIE:** Kaapstad 4 Junie
Stellenbosch 5 Junie
**NAVRAE EN INSKRYWINGSVORMS:**
**DIE ORGANISEERDER: FORTE '82**
**POSBUS 4585**
**JOHANNESBURG**
**2000**
**TEL. 725-1995 Elisia Snyman**

**RUGBY:**

# *Maties trap 'Pote' plat in dooierige wedstryd*

IN 'n baie dooierige wedstryd Saterdag op die Danie Craven-stadion het die Maties 'n begeesterde span van Polisie met 26—3 geklop.

Die Maties het uit die staanspoor aangeval en dit was gou duidelik dat die Stellenbosse agttal die voorspelers van die "Bobbies" deeglik sou vasvat. Die span van Polisie het met goeie verdediging aan die een kant, maar met afbrekende spel aan die ander kant, daarin geslaag om die Matie-aanslag af te weer sodat Stellenbosch teen rustyd met slegs 7—3 voor was.

Van die eerste skrum van dié wedstryd om die Groot Uitdaagbeker, het Maties 'n vaskop gehaak. Die skrumskakel, Tjoppie Vorster, het, na binne gebreek, die bal na Martin Versfeld aangegee, wat die eerste drie van die wedstryd in die hoekie gaan druk het.

In die een-en-dertigste minuut van die eerste helfte, het Mark Kleinenburg Polisie se enigste punte van die wedstryd met 'n lang strafskop aangeteken. Kort daarna, in beseringstyd van dié helfte, het P.J. Smit ook met 'n strafskop geslaag nadat sy skrumskakel met 'n stywe arm geloop is.

Die rustydtelling van 7—3 was 'n goeie weergawe van die spel tot op daardie stadium.

Vroeg in die tweede helfte het Smit weer met 'n strafskop geslaag en dit was die begin van die einde vir Polisie. Die Maties het volgehoue druk op hulle toegepas en Polisie moes alles in hul vermoë doen om die Maroentruie te probeer stuit. Hul goeie en dodelike verdediging het ook verhinder dat die Maties nie 'n wegholoorwinning behaal het nie.

Onder die Matie-voorspelers was dit veral Charlie Cronje en Deon Lotter wat telkemale 'n aanval geloods het en goeie ondersteunende spel gelewer het.

Die lynstane is deur die Maties oorheers en in hierdie afdeling was André Markgraaf en Charlie Cronje weer eens baie prominent. Die swaarder voorspelerpak van die Maties het gemaak dat hulle meer balbesit gehad het en deur goeie ondersteunende spel kon hulle na willekeur aanvalle van enige kant van die veld begin.

Een so 'n beweging het gekom nadat beide Vorster en losskakel Dunn binnetoe gebreek het. Willie Mouton, 'n nuweling op senter, het die beweging afgerond met 'n drie.

Dit was duidelik dat die Maties hul staatmakers soos Johan Dürr, Bertie de Wet en Carel du Plessis gemis het. Hulle het almal vir die Westelike Provinsie teen Natal gespeel.

Stellenbosch se punte het bestaan uit drieë wat deur Willie Mouton (2), Martin Versfeld en P.J. Smit gedruk is. Smit het ook met twee strafskoppe en twee doelskoppe geslaag.

In 'n voorwedstryd het Stellenbosch se tweedespan die B-span van Polisie met 80—3 vermorsel.

Hierdie wedstryd was 'n blote oefening vir die Maties en hulle het na willekeur die bal rondgegooi, gehardloop — en drieë gedruk!

Wat die Maties se oorwinning soveel meer indrukwekkend gemaak het, was dat hulle vir die grootste deel van die tweede helfte met slegs veertien man gespeel het nadat die vleuel, M. Truter, met 'n besering van die veld is.

Onder die voorspelers het Francois van Tonder (stut), H. van Wyk (flank) en P. du Toit (flank) goed vertoon. Du Toit het deur goeie ondersteunende spel vier drieë gedruk en Van Wyk drie.

Polisie het die wedstryd met groot vuur begin, maar het later heeltemal moed opgegee. Teen die einde van die wedstryd het hulle geen belang meer daarby gehad nie. Toe die eindfluitjie vyf minute voor die bestemde tyd blaas, was dit 'n verslane span "Bobbies" wat die veld verlaat het.



P.J. SMIT (bo) het 'n groot aandeel gehad in die Maties se oorwinning.



JAN CALITZ en Deon Lotter het die lynstane oorheers.

# Spanner III is weer vinnigste kar op die kampus

OP Saterdag, 27 Maart is die jaarlikse trapkarwedren op Stellenbosch gehou.

Hierdie wedren, wat deel uitmaak van 'n nasionale kampioenskapsreeks het in nat weer op 'n moeilike baan op die kampus plaasgevind.

Spanner III van die manskoshuis Helderberg, het die Grobler-trofee en R75 vir die vinnigste koshuiskar gewen.

Die span trappers van Helderberg het 'n totaal van 176 rondtes voltooi in die ses uur wat die wedren geduur het. Hulle gemiddelde snelheid was 26,4 km/h en hulle het 'n gemiddelde van 2 min. 45 sek. gehandhaaf. Die vinnigste rondtetyd vir Spanner III was 1:47 teenoor die baanrekord van 1:38 wat deur die span van Yskor (Vaal) opgestel is.

Afgesien daarvan dat Spanner III derde geëindig het, was hulle net sewe rondtes agter die wenkar van Tukkies. Hulle kar, Bamba, het Ratel van Yskor net-net geklop, met Spanner III slegs een rondte agter hom.

Die koshuiskar wat die naaste aan dié van Helderberg gekom het, was die kar van Huis Visser, wat 'n algehele sewende plek verower het.

Die enigste probleme waarmee die werktuigkundiges van Helderberg te doen gekry het, was die kar se remme wat onklaar geraak het.

Die span het onder leiding van die spanbestuurder, Martin van Breda, goed gefunksioneer en geen verdere haakplekke is ondervind nie. As voorbeeld van die deeglikheid waarmee die helpers probleme opgelos het, kan genoem word dat hulle binne 35 sek. al vier die kar se wiele omgeruil het.

Die volledige span was: Johan Holtzhauzen, Maritz Wahl, Theo Doubell, Deon Stassen, Neels du Buisson (kapt), Martin van Breda, Ernest Chapman en Johan Hamman.

Die span van Helderberg is tydens die wedren bygestaan deur masseuses van Sonop en Nerina. Hulle het ook as tydhouers vir die span opgetree.

Die vierjaaroue Spanner II, ook van Helderberg, het ook goed gevaar in die wedren, maar kon weens meganiese probleme nie onder die eerste vyftien karre eindig nie.



DIE Helderbergers ruil trappers om in die onlangse trapkarwedren.

# Elf spelers kan US-hokkie vanjaar ophelp

"MET 'n eerste-hokkiespan bestaande uit elf provinsiale speelsters, kan dit dié seisoen net nie anders as goed gaan nie; die vroeë skoknederlaag teen die Ikeys ten spyt," sê mej. J. Wiese, een van die afrigsters van die Maties se dameshokkiespanne. "Trouens, al ses die spanne behoort vanjaar weer 'n krag in hul onderskeie ligas te wees."

In teenstelling met die vier spanne van verlede seisoen, het die US-klub vanjaar ses spanne ingeskryf. Die eerste- en tweedespanne speel in die eerste liga, en het verlede seisoen onderskeidelik tweede en sesde geëindig. Die eerstespan moet dié seisoen sonder twee gereelde staatmakers, Debbie Cromhout en Lynette Vermaak, klaarkom. Afgesien van die uitstekende spel waarvoor hierdie twee speelsters bekend was, was Debbie Cromhout 'n uitstaande leier — iemand met die vermoë van "keeping the defence together". Die span sien vanjaar soos volg daar uit, hulle provinsiale en SA Universiteitekleure tussen hakies:

M. Cummins (WP en SAU)
G. Janes (Skiereiland en SAU)
C. Venter (Skiereiland)
T. Lanz (WP o.21 en SAU)
E. Croxford (WP o.21)
E. Veitch (Skiereiland)
L. Rautenbach (Skiereiland)
L. Pienaar (WP o.21)
A. Meyer (WP en SAU)
L. Quin (Skiereiland)
J. Abuthnot (Skiereiland)

Die Maties se tweedespan sal vanjaar met groot verwagting dopgehou word. Sewe nuwe speelsters is in dié span opgeneem, en hulle behoort individueel en as span goed te ontwikkel.

**PRESTASIE**

Die derdespan, wat verlede seisoen vierde in die eerste reserwe-liga was, en die vierdespan, wat derde in die tweede liga was, ding ook weer in hierdie onderskeie ligas mee. Vir albei spanne is dit 'n noemenswaardige prestasie, aangesien hulle meestal teen die eerstespanne van die ander klubs in die WP-liga meeding.

Die feit dat twee addisionele spanne vanjaar ingeskryf kon word, getuig van 'n gesonde belangstelling onder die studente in 'n spansport soos hokkie. Ná 'n goeie oes van speelsters, het die behoefte aan meer spanne veral verlede seisoen sonder twyfel sterk op die voorgrond getree. Die twee nuwe spanne moet volgens die bepalings van die WP-unie in die heel onderste liga, naamlik die agste, ingeskryf word. Hulle behoort nie probleme te ondervind om vanjaar bo-aan dié liga te eindig nie, en kan hulself stelselmatig opwerk in hoër ligas, aldus juf. Wiese.

**OPE VRAAG**

Of die klub so goed soos verlede jaar sal presteer, is 'n ope vraag. Ervare speelsters het die klub verlaat, en verder het die 1982-seisoen geen nuwe vondse opgelewer nie — in teenstelling met SA Skole-speelsters wat verlede jaar by die klub aangesluit het.

**AFRIGTING**

Aan intrinsieke en spanmotivering ontbreek dit nie. Die speelsters van al die onderskeie spanne is gemotiveerd om hierdie jaar die beker te wen. Verder beskik die klub oor uitstekende afrigting. Die eerste- en tweedespanne word afgerig deur juf. M. Lightbody, wat ook 'n Springbok-keurder is. Juf. Wiese, afrigter van die derde- en vierdespanne, is ook die afrigster van die WP o.21-span. Die vyfde- en sesdespanne staan onder die afrigting van juf. C. Rossouw, 'n lektrise by die Departement van Liggaamlike Opvoeding.

# Netbal-liga begin op hoë noot

DIE eerste liga-wedstryde van die Boland-netbalunie is op Saterdag, 24 April, op die US-netbalbane gespeel. In die belangrikste wedstryd van die middag het US-A, veertien jaar agtereenvolgens wenner van die eerste liga, 'n goeie oorwinning teen 'n moedige US-C-span behaal. Die telling was 70—38. 'n Ander goeie wedstryd was die een tussen US-E en Somerset-Wes A. Die onervare US-span het tot kort voor die einde van die wedstryd voorgeloop teen die ervare span van Somerset-Wes, en het naelskraap met 28—32 verloor.

'n Kenmerk van al die wedstryde waarin die Maties gespeel het, was 'n gebrek aan wedstryd-afronding, maar veral fiksheid. Nogtans word uitgesien na 'n goeie seisoen van Matie-netbal.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk-Wassery

U.U.B. VIR AL U
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk
PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337